# Dagstukkies

# Dagstukkies 7

## Inspirerende Gedagtes uit Die Woord

VOLUME 7

Danie Nell

# DAGSTUKKIES (NO. 7)

**Dit sal interessant wees om te weet hoeveel ontvang my**

**"Dagstukkies" want die afgelope maande het ek**

**meer as 600 per dag uitgestuur.**

**Ek weet daar is hulle wat dit weer stuur aan hul**

**familie en vriende – sovêr soos tot in Korea, Sjina, Australië, Amerika, Thailand en Kambodja.**

**Een vriend stuur dit tans aan 157 en ek verneem**

**dat sommige dit gebruik as preeknotas**

**en ander gebruik dit in hul Selgroep.**

**Dit is wonderlike nuus en God kry die eer!**

**Verniet ontvang – verniet gegee!**

Danie Nell (Jeffreysbaai)

Epos adres: danienell.1937@gmail.com

ISBN 978-0-620-55271-4

## Verbind aan Christus

**Johannes 15:3,4** *"Julle is al skoon gesnoei deur die boodskap wat Ek vir julle gebring het. Maar julle moet aan My verbind bly en Ek aan julle. 'n Loot alleen kan nie vrugte dra as dit nie aan die wingerdstok vas is nie. Net so kan julle ook nie vrug dra as julle nie aan My verbind bly nie."* (Die Lewende Bybel)

Hoe sal ons weet dat 'n tak aan 'n boom nog aan daardie boom verbind is? Wanneer ons sien daar is groen blare aan die tak en ook as daar vrug is. Net so sal ons weet dat iemand verbind is aan Christus, wanneer ons geestelike groei in sy/haar lewe kan sien. Verseker kan jy die "groenigheid" asook die "vrug" sien in iemand wat 'n verbintenis met Christus het. Ek het dit selfs gister "gesien" in die lewe van 'n petrol joggie wat my bedien het. Hy het gestraal van vreugde en geluk toe hy die Here se seën oor my lewe uitgespreek het.
Hoe jammer tog dat daar vandag baie "dooie takke" in gemeentes is. Dit is mense wat, al kom hulle selfs gereeld kerktoe, nie meer enige geestelike groei toon nie. Hierdie is nie "slegte mense" nie, maar omdat hulle nie meer verbind is aan Christus nie, het hulle geestelik dood gegaan. (In verse 2 en 4 lees ons wat met hulle sal gebeur)
Die tuinier wat my geleer het om bome te snoei het my geleer dat die eerste ding wat ek moet doen is om al die dooie takke uit te sny. Die rede waarom ons dit doen is om te keer dat die boom nie verder doodgaan nie. Ons sny ook die dooie takke uit want dit help die ander takke om gesonde vrug te kan dra.
Op Sondagskool het ons 'n liedjie gesing: *"Lees jou Bybel en bid elke dag en jy sal groei, groei, groei..."* Dit is presies wat jy moet doen as jy verbind wil bly aan Christus.

Sorg dat jy daagliks Bybel lees en met God in gebed praat.
Lees boeke wat jou geloof versterk en luister na goeie musiek.
Vertel soveel moontlik wat Christus vir jou beteken.

## **‘n Blymoedige mens**

**Spreuke 15:15** *"Dit gaan altyd sleg met 'n bedrukte mens; die blymoedige mens se hele lewe is 'n fees."*
Die Boodskap: *"As iemand altyd swartgallig is, is die lewe hel. Vir 'n blymoedige gelowige is die lewe een groot fees."*

Is die lewe vir jou 'een groot fees'? Dit behoort so te wees as jy 'n blymoedige mens is. Blymoedig beteken om vrolik en bly te wees. Selfs toe Paulus ons geleer het hoe om te gee, het hy die volgende geskryf in 2 Kor. 9:7 *"God het 'n blymoedige gewer lief."* Die Amplified Bybel vertaal hierdie teks met: *"God loves...a cheerful (joyous, 'prompt to do it') giver whose heart is in his giving."* Is jou hart opgewonde en dankbaar wanneer jy gee? Moet in elk nooit gee as dit jou hier binne seermaak om te gee nie.
In vers 13 van ons Skrifgedeelte lees ons: *"'n Vrolike hart maak die aangesig bly..."* Jou gesigsuitdrukking is verseker een van jou mees belangrikste dele van jou as mens.
Wanneer ons na jou gesig kyk sal ons weet of jy gelukkig is of nie. 'n Glimlag kos in elk geval niks, maar dit vermag baie. Dit is verbasend hoe gemakliker gaan ons deur die lewe met 'n glimlag en watter ongemak skep ons met 'n suur gesig. Baie keer word ons probleme nie veroorsaak deur die duiwel nie, maar dit kom hoe ons voel en optree.

Blymoedigheid groei wanneer jy leer om dankbaar te wees. Dink aan al die dinge wat mense asook die Here aan jou gedoen het – en spreek jou dank uit in woorde.

# God gee om

**Handelinge 17:28** *"Omdat God so baie vir ons omgee, sorg Hy dat ons almal elke dag kan leef en rondbeweeg. Ons bestaan slegs omdat Hy dit so wil. Een van die digters het dit mooi opgesom toe hy gesê het: 'Ons is deur God gemaak. Ons behoort aan Hom."*

Ons teks is deel van 'n boodskap wat Paulus gebring het aan die wysgere in Athene. In hierdie stad het hy baie afgodsbeelde gesien en ook een beeld waarop geskrywe was: *"Aan 'n onbekende God."* Hy voeg toe by: *"Hom dan wat julle vereer sonder om Hom te ken, verkondig ek aan julle."* (vers 23)
Ek is van mening dat Paulus se boodskap moet ook ons boodskap wees wat ons oordra aan hulle met wie ons in aanraking kom. Ons moet vertel dat God baie vir elke mens omgee en dat dit Hy is wat ons elke dag krag gee om te kan leef. Ons behoort aan hom en is duur gekoop met die boed van Jesus Christus. Wat 'n wonderlike boodskap!
Maak dit persoonlik: God gee waarlik om vir jou – moet dit nie een oomblik vergeet nie. Enige siekte wat jou sou oorval of enige druk finansieel, moet nie 'n boodskap aan jou (of selfs iemand anders) gee dat God nie omgee nie. Waarom ons soms deur moeilike omstandighede gaan sal ons nie altyd weet nie. Moet ook nooit dink dat hierdie dinge jou tref omdat God nie tevrede is met jou nie. Hoor wat staan in Jakobus 1:2,3:
*"...julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard."*

Glo dat God omgee vir jou, jou dierbares en alle mense.
Dra hierdie boodskap oor aan mense met wie jy kontak het.
Die evangelie is mos 'n blye boodskap!

# Volharding

**Jakobus 1:2-4** *"...julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming."*

Jakobus sê dat volharding kom wanneer ons deur beproewings gaan. Moet dus nie beproewings minag nie, want dit sal jou help om te volhard. In 'The Living Bible' staan: *"...when the way is rough, your patience has a chance to grow."*
Jakobus (Jesus se broer) was die eerste leier van die gemeente in Jerusalem. Volgens die kerkgeskiedenis het dié gemeente in Jerusalem gegroei tot meer as 'n 100,000 lede.
In Hand. 4:4 lees ons dat die mans op daardie stadium 5000 was. Tel 15,000 by vir vroue en kinders, dan kry ons 20,000. Wat van Hand. 5:14 wat sê dat *"menigtes van manne sowel as vroue"* bygevoeg was? En in Hand. 6:7 lees ons: *"En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en 'n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof."* Ek hou van die woord "menigtes" in dié deel.
Al was daar getalle groei in Jerusalem se gemeente moes hulle leer wat dit beteken om te volhard, want volharding moet end-uit volgehou word indien ons geestelik wil groei. Soos ons teks dit stel: *"En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming."*

Die atleet wat alles insit op die laaste pylvlak, kan wen.
Dit is nie hulle wat begin nie – maar dit is hulle wat klaar maak.
Dié wat volhard tot die einde toe sal, gered sal word.

## Wat God nie kan doen nie

**Hebreërs 6:18** *"Ons het dan nou twee dinge – God se belofte en die eed wat Hy gesweer het. Nie een van die twee kan verander nie, en God kan nie lieg nie. Dit gee vir ons die moed om vas te hou aan wat Hy beloof het."* (Die Lewende Bybel)

Hierdie gedeelte gaan oor die belofte en eed wat God teenoor Abraham gemaak het, naamlik dat hy geseën sou word en dat hy grootliks sou vermeerder. (vers 13)
Dit wat my aanspreek in ons teks is: *"...dat God nie kan lieg nie."*
God het uit niks die aarde geskep, met alles daarop, deur net eenvoudig te spreek. Hy het ons uit stof gemaak en asem in ons geblaas sodat ons 'n lewende siel geword het. God het selfs die son 'n dag langer laat skyn in die dae van Josua. Inteendeel, die Bybel is vol wonders wat God gedoen het. Maar daar is een ding wat Hy nie kan doen nie, en dit is dat Hy nie kan lieg nie.
As God gesê het dat daar genesing is deur Jesus se wonde, dan praat Hy die waarheid. As Hy beloof het dat Hy sal voorsien in al ons behoeftes, moet ons dit glo. Ons lees in Fil. 4:19, waar Paulus skryf: *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Jesus Christus."* Bly dus glo dat Hy vir jou sal voorsien.
Wat God beloof het in Psalm 91:4,5 staan soos 'n paal bo water: *"Hy sal jou verlos van enige gevaar wat jou lewe bedreig. Hy sal jou veilig oppas. Daarom kan jy by Hom gaan wegkruip. Met Sy groot liefde keer Hy die gevaar af. Jy hoef nie bang te wees dat enige mag jou bedags of snags sal oorrompel nie."* (Die Boodskap)

God se beloftes is "ja en amen" – dit sal so wees! (2 Kor. 1:20)
Verloor nooit jou vertroue in die Here nie – wat ookal gebeur.
Roep na Hom met jou hele hart en gryp Sy beloftes aan!

## Kyk geestelik na jouself

**Markus 4:19** *"...die sorge van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom en die begeerlikhede in verband met die ander dinge kom in en verstik die woord, en dit word onvrugbaar."*

Wat my tref in ons teks is: *"...die begeerlikhede in verband met die ander dinge kom in en verstik die woord..."*
'Amplified Bible': *"...the craving and passionate desire for other things creep in and choke and suffocate the Word..."*
Hierdie "ander dinge – other things" kan verskillende betekenisse hê. Dit is dinge wat teen God se woord werk. Bepaal self wat dit is in jou lewe – en stop dit.
Ons leef in 'n wêreld waar só baie dinge onderhoud nodig het. Ons moet gedurig tyd en geld spandeer om ons huis se onderhoud op datum te hou. Geute wat gereeld skoon gemaak moet word. Krane wat lek en mure wat geverf moet word. Dan is daar nog die onderhoud aan ons motor. Praat nie eers van die onderhoud wat ons liggaam nodig het nie. Ons kan só besig raak met wat ons alles moet onderhou dat ons nie genoeg aandag gee om onsself geestelik te onderhou nie.
Neem tyd (en ook geld) om jouself geestelik te onderhou. Wat van 'n aanvullende Bybel aan te skaf? Ek lees gewoonlik uit vyf Bybels. Ek verstaan heelwat beter wanneer ek in verskillende vertalings 'n spesifieke teks sou lees. Die Skrif verklaar Skrif.

Maak tyd om 'n kursus by jou kerk (en elders) by te woon. Woon 'n konferensie by wat 'n geestelike vakansie kan wees. Niks moet jou verhinder om tyd te maak in gebed en met God se woord nie.

## Wees versigtig wat jy hoor

**Markus 4:24** *"En Hy het vir hulle gesê: Pas op wat julle hoor; met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word."*
Die Boodskap: *"...God sal kyk hoe goed julle luister. Hoe beter julle luister, hoe beter sal God julle help verstaan. Hy sal julle help om selfs meer te verstaan."*

Meet elke woord wat jy toelaat via jou ore. In 'The Amplified Bible' lees ons teks: *"And He said to them, be careful what you are hearing. The measure (of thought and study) you give (to the truth you hear) will be the measure (of virtue and knowledge) that comes back to you – and more (besides) will be given to you to hear."*
Toe koning Saul sy ore kon doofhou vir mense wat lelike dinge van hom gesê het, was hy op een van die beste plekke in sy lewe. (1 Sam. 10:27) Pasop wat jy hoor!
Hoe meer ons toelaat dat God se woord met ons kan praat – hoe meer sal ons krag kry om dit te gehoorsaam. Wanneer jy na na waarheid luister, sal God jou help om beter te verstaan. Ons teks sê: *"Hy sal julle help om selfs meer te verstaan."*
Ons gedagte-wêreld, is een van die belangrikste dele van ons as mens. Want soos ons dink, so is ons. (Spr. 23:7)
Ek is oortuig dat ons onsself gesond kan dink. Verander die manier hoe jy dink en jy verander jou lewe! Vir hierdie rede is dit nodig om die regte dinge toe te laat om by die "deure" van jou lewe, naamlik jou ore, in te kom.
Salomo waarsku ons om te dink aan ons Skepper voordat *"die deure (ons ore) na die straat gesluit word"* (Pred. 12:4)
Luister na God se woord voordat jy op 'n plek kom (waar baie vandag is) dat hulle nie eers meer kerktoe gaan nie, omdat hulle nie mooi kan hoor nie.

Vra God 'n wag voor jou mond, sodat jy reg sal praat.
Vra Hom ook 'n wag voor jou ore. Wees versigtig wat jy hoor.
"Meet" wat jy moet en wil hoor, voordat jy dit inlaat by jou ore.

# Geen sukses sonder Jesus

**Johannes 15:5** *"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."*

Die Boodskap: *"...Leef elke oomblik van die dag in afhanklikheid van My. Ek sal dan elke oomblik by julle ook wees. So sal julle vir God 'n vrugbare lewe kan lei."*

As jong Christen het ek my bes gedoen om 'n oorwinnende lewe te leef. Maar ek het gou agter gekom dat baie van wat ek gedoen het uit my menslike krag was.
Baie oggende het ek besluit om daardie dag ekstra vriendelik teenoor mense te wees. Ja, ek het goed bedoel totdat ek uitgevind het dat vrug nie aan 'n boom "geplak" kan word nie, maar dit juis daar is omdat die boom se takke deel is van die stam. Vanuit die boom, as dit gesond is, vloei die sap deur die takke om sodoende vrug voort te bring. My werk was om te sorg dat ek verbind was aan Christus. My verhouding met Hom sal verseker dat ek geestelike vrug sal voortbring.
Volgens ons teks is dit duidelik dat ons sonder Jesus nie 'n vrugbare lewe kan leef nie. Hierdie hoofstuk gaan hoofsaaklik oor gebed; blydskap en liefde. Sonder Hom sal ons nie liefde en respek kan toon nie, al probeer ons menslik ons bes om dit te kan doen. Liefde en respek is nie iets wat jy "aanplak" nie – dit kom van binne uit jou hart. Onthou ook dat sonder Hom sal jy nie jou roeping (jou passie) kan uitleef nie.
Myles Munroe het eenmaal gesê: *"There is no hurried way to get to God's vision. The vision God has given you will come to pass. Until then, you are to live by faith."*
Ek voeg by: *"Your God given vision will come to pass if you stay connected to Christ"*

Geloof maak die deur vir jou oop en geduld hou die deur oop!
Sonder Sy hulp sal jy nie met sukses kan bid nie. (Rom. 8:26)
Bly verbind aan Hom en jy sal tot alles instaat wees. (Fil. 4:13)

## "'n Man van vrede"

**Lukas 10:5,6** *"En in watter huis julle ook al mag ingaan, sê eers: Vrede vir hierdie huis! En as dáár 'n man van vrede is, sal julle vrede op hom rus; anders sal dit tot julle terugkeer."*

Wie kwalifiseer as 'n mens van vrede? Dit is iemand wat graag vrede toelaat in hul hart. Aan die anderkant vind ons ook mense wat gedurig net wil veg en stry. Hulle kritiseer net gedurig en soek fout in alles – hulle is beslis nie "'n man of vrou van vrede" nie.
Het jy ook al ondervind dat daar sekere mense is met wie jy makliker geestelik mee kan praat as met ander? Daardie mense is mense van vrede – hulle sal na jou luister.
Oswald Smith, 'n wêreld beroemde prediker, het dié stelling gemaak: "Waarom moet sommige die evangelie twee keer hoor terwyl ander nie die geleentheid kry om dit net eenmaal te hoor nie?" Ons mors baie tyd met mense wat nie belangstel om God se woord te hoor nie.
Hulle wat vrede soek is baie meer as hulle wat dit nie soek nie. Christus het aan ons die opdrag gegee om Sy vrede te spreek oor huise. Kom ons doen dit – en waar mense dit nie wil aanvaar nie – sal die vrede na ons terug kom. Die afgelope tyd het ek talle mense ontmoet wat oop harte gehad het vir die Here se woord. Hulle noem ek "mense van vrede" wat gereed is om te hoor. God se Gees weet presies wie se hart oop is om die boodskap van vrede te ontvang. Mag die Here ons help om dit te verstaan.

Vra die Here om jou te neem na 'n man en 'n vrou van vrede. Jy sal hulle verseker vind – praat met hulle oor God se dinge. Mag jy beskikbaar wees sodat die Here jou kan gebruik.

## God se woord het lewe en krag

**Hebreërs 4:12** *"Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart."* Die Lewende Bybel: *"Want as God vir ons iets sê, het dit lewe en krag. Sy woord is skerper as 'n vlymskerp swaard wat tot in murg en been sny, want dit dring in die siel en gees van 'n mens in en wys hoe sy diepste begeertes en gedagtes lyk."*

Gees en siel kan nie maklik geskei word van mekaar nie. Tog is God se woord só skerp dat dit kan deurdring om selfs hier skeiding te kan bring. Ons Skrifgedeelte maak my weer opnuut dankbaar teenoor die woord van die Here, naamlik dat God se woord lewend en kragtig is en dat dit skerp is soos 'n swaard. Moet nooit vergeet nie: God is 'n waarmaker van Sy woord – onthou dit wanneer jy bid vir genesing en voorsiening – en moet net nooit twyfel hierin nie.
Toe Israel uit Egipte getrek het, waar hulle 430 jaar slawe was, het God met een woord wat Hy gespreek het, hulle gesond gemaak. Psalm 107:20 sê: *"Hy het Sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hul kuile red."*
Die Boodskap vertaal dit soos volg: *"Die Here het net een woord gesê, en toe word hulle gesond."*
En in 'The Living Bible' lees ons in Psalm 105:37: *"There were no sick and feeble folk among them."* Na al die swaarkry as slawe moes Israel baie siek en swak gewees het. Maar in een nag spreek God genesing oor Sy volk sodat hulle gereed was vir die tog deur die wildernis wat vir hulle gewag het. Waarlik Sy woord het lewe en krag!

Met vrymoedigheid kan jy vertrou op elke belofte in die Bybel. Al sê wie wat – Ps. 119:160 sê: *"Die hele inhoud van U woord is waarheid."*
Dink terug wat God al vir jou gedoen het – en skep moed!

## Watter deel is die Evangelie?

**Romeine 3:23,24** *"...want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur Sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is."*

Die Boodskap: *"Ons almal is sondaars. Nie een van ons leef tot God se eer nie. Ten spyte daarvan het Hy besluit om ons vry te spreek."*

Hoe baie preke was daar net nie al gepreek oor vers 23 nie! Naamlik dat ons almal gesondig het en dat ons ontbreek aan God se heerlikheid – Sy teenwoordigheid.
Ons het gedink dit is die evangelie. Maar "die evangelie" is mos "die blye boodskap" en dit is nie wat ons hoor in vers 23 nie? Jy is reg, die evangelie is eintlik vers 24 naamlik dat ons sonder verdienste geregverdig en verlos is deur die prys wat Christus Jesus vir ons betaal het aan die kruis. Soos wat Die Boodskap dit stel. Ten spyte dat jy en ek gesondig het, het God besluit om ons vry te spreek. As jy hierdie evangelie ooit geglo het, glo dit vandag. Dra dit ook oor aan ander.
Volgens Rom. 8:1 is daar geen veroordeling vir die wat in Christus is nie. Aanvaar nie enige beskuldiging nie. As jy jou sondes bely het, dan het God jou vrygespreek.
Skud af alle onsekerheid en veroordeling. Moet ook nie die lied sing: "Ek is 'n sondaar, maar gered" nie. Jy is nie 'n sondaar nie maar jy was 'n sondaar. Natuurlik kan enige mens weer sondig. Dan glo en doen jy wat geskrywe staan in 1 Joh. 1:7,9. God vergewe weer en spreek jou weer vry. Loof Hom daarvoor!
In Engels word die woord "geregtigheid" vertaal as "righteousness" wat beteken om in die regte verhouding tot God te staan – om voor God te staan sonder blaam.

Bring die evangelie aan die behoeftiges, die stukkendes en die wat met sonde gebind is. (Luk. 4:1,19)
Hoe kan ons ooit skaam wees om dit te doen, terwyl dit redding en genesing bring? (Rom. 1:16)

## Omgee skep omgee

**Handelinge 20:35** *"Deur my voorbeeld het ek in elke opsig vir julle gewys dat ons hard moet werk sodat ons die armes kan help. Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."*
Die Boodskap: *"...Sien ander mense se nood en armoede raak. En help hulle. Onthou: ons Here Jesus het gesê: 'Dit is beter om te gee as om te ontvang.'"*

In Hand. 20 spreek Paulus die leiers van Efese toe en sê dat hy nie bekommerd is oor sy eie lewe nie – want die Heilige Gees is in beheer van sy lewe. Dit wat hom dryf is om die roeping wat hy van Christus ontvang het, uit te leef. (verse 22-24) In verse 33,34 sê hy die volgende: *"Ek het ook nie by julle kom geld bedel of ooit geskimp dat ek arm is nie. Nee, ek het met my eie twee hande gewerk om aan die lewe te bly."* (Die Boodskap)
Hy het met sy eie hande vir homself voorsien asook vir ander. Mense gee nie om hoeveel jy weet nie, totdat hulle uitvind hoeveel jy omgee. Omdat jy vir ander omgee, sal jy ander mense oortuig om ook om te gee. (Die 24/7 Bybel)
Ek bid al jare dat die Here ons "die gawe van raaksien" sal gee. Deur die jare het ek gesien hoe begeer gelowiges die gawe van genesing; van profesie; van geloof en selfs die gawe van onderskeiding. Almal wonderlike gawes – maar wat van om raak te sien diegene wat 'n helpende hand nodig het? Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan bly 'n treffende voorbeeld hiervan. Moenie vasgevang word met die bekende vraag: "Wie is my naaste?" nie. Wat jou hand vind om te doen, doen dit met al jou mag tot jou beskikking. (Pred. 9:10)

Weet dit: 'n Mens is gelukkiger om te gee as om te ontvang.
As jy omgee sal jy ander inspireer om dieselfde te doen.
Bid dat die Here jou iemand sal wys wat jou hulp nodig het.

## **"Ek bid dat God....."**

**2 Tessalonisense 1:11** (Die Boodskap) *"Ek bid dat God julle in staat sal stel om die soort lewe te leef wat Hy vir julle in gedagte het. Ek bid dat Hy deur Sy krag in julle sal werk sodat dit vir julle al hoe lekkerder word om daardie dinge te doen wat Sy hart blymaak. Mag Hy heeltemal tevrede wees met die manier waarop julle elke dag julle geloof uitleef."*

Hierdie gebed wat Paulus bid vir die gemeente van Tessalonisense is iets baie treffends. As daar een ding is wat ons behoort te doen, dan is dit dat ons vir mekaar moet bid. En wanneer ons bid moet dit sommer profetiese woorde wees wat ons bid. Profeties? Ja, soos wat Paulus ons geleer het in 1 Kor. 14:3. Ons profeteer wanneer ons mense met woorde stig, troos en bemoedig. Gebed is nie om mekaar aan te kla nie. Gebed is ook nie om heeldag teen die duiwel te veg nie. Hy is reeds oorwin deur Jesus Christus.
Doen moeite om die gebed in ons teks goed deur te lees, dan sal jy sien met watter erns en deernis Paulus vir dié gemeente gebid het. Bid dan ook so vir jou gemeente.
Gebed moet iets natuurliks wees, en iets wat jy graag wil doen. Net soos wat jy nie moeg raak om met 'n goeie vriend of vriendin te praat nie, net so moet dit 'n vreugde wees om met jou hemelse Vader te kan praat. Ook wanneer jy vir ander bid.
*"Soos Paulus, bid ek dat God jou in staat sal stel om dié soort lewe te leef wat Hy nog al die tyd in gedagte vir jou gehad het. Een ding weet ek en dit is, dat Sy plan met jou is seën en voorspoed. (Jer. 29:11) Ek bid ook dat deur Sy krag Hy jou sal help sodat dit al hoe lekkerder sal word om daardie dinge te doen wat Sy hart bly sal maak. Mag God glimlag oor jou, en mag Hy tevrede wees hoe jy Hom daagliks in geloof sal volg!"*

Onthou: Gebed is 'n gesprek met God, ons hemelse Vader.
En watter voorreg is dit om te kan bid vir mekaar.
Word bewus daarvan dat iemand vandag jou gebed nodig het.

**Jou lewe is die somtotaal van besluite**

**1 Korinthiërs 6:12** *"Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie."*

Die Lewende Bybel: *"'n Mens kan sê: Ek mag enigiets doen, maar dit is nie alles wat vir my goed is nie. Ek kan sê: Ek mag enigiets doen, maar ek sal my nie deur iets laat bind waarvan ek later nie weer kan loskom nie."*

Jy het geword wat jy besluit het die laaste vyf, tien, twintig of dertig jaar van jou lewe. "Ja" en "Nee" is die twee woorde wat die meeste sal vermag in jou lewe. Leer wanneer jy "Ja" of "Nee" moet sê. Jy moet besluit wat die beste is vir jou – natuurlik met die hulp van die Here.
'The Living Bible': *"I can do anything I want to if Christ has not said no, but some of these things aren't good for me. Even if I am allowed to do them. I'll refuse to if I think they might get such a grip on me that I can't easily stop when I want to."*
Van die gelowiges in Korinthe het hulself verskoon van die sonde wat hulle gedoen het. Hulle het geglo dat omdat Christus betaal het vir hul sonde, kon hulle voortgaan om te doen net wat hulle wil. Dit het selfs die verkeerde wat hulle gedoen het ingesluit. 'King James Bible': *"...All things are lawful for me, but I will not be brought under the power of any."*
Die woord "power" (oorheers) wat hier gebruik word beteken in Grieks "to control." Die enigste iets wat jou moet beheer is dit wat jou sal neem na jou doelwit. Dit meen dat alles wat beheer oor jou lewe wil neem wat jou sal hinder om God se doel te bereik, moet jy vermy en verwerp. Dit is in jou mag om die regte besluit te neem.

Jy is die somtotaal van die besluite wat jy gemaak het.
Die besluite wat jy nou maak sal bepaal wat vir jou wag.
Oordink dus elke besluit, voordat jy dit neem.

**Die wat hul kragtig inspan**

**Matteüs 11:12** *"Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit."*
Die Boodskap: *"Mense wat op en wakker is, gryp elke geleentheid aan..."*
Ou vertaling: *"...bestormers gryp dit met geweld."*
King James: *"...the violent take it by force."*

Lees weer met aandag elk van die vertalings wat ek aan jou gegee het. Kyk na die sterk woorde wat hier gebruik word – en besef opnuut dat jy menslik ook iets moet doen.
Saam met die wyse Salomo wil ek dit aan jou stel: *"Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag..."* Ons lees dit in Pred. 9:10. Onderstreep die woorde "met jou mag."
Hou niks terug nie. Indien jy hierdie teks glo en doen sal jy resultate bereik in jou lewe. Ek wil jou aanmoedig om jou kragtig in te span om geestelik jou doel te bereik.
Baie gelowiges is soos wat Israel was in die woestyn; hulle hoop om die land in besit te neem sonder enige geveg of inspanning. Neem kennis dat jy 'n sterker stand sal moet neem teen die vyand se beplanning wat jou wil verhinder om te oorwin.
Hierdie sluit jou gesondheid en jou finansies in. Jy sal nie veel bereik as jy nie jouself kragtig inspan nie. Jy het God se krag wat in jou is, asook dié versekering dat Hy altyd met jou sal wees op al jou weë. Dit is God wat vir jou sê in Deut. 31:8 *"Die Here sal voor jou uitgaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie, jou nie alleen laat nie. Moenie bang wees nie, moenie skrik nie."*

Jy het baie meer krag in jou as wat jy dink.
Glo dat in Hom is jy meer as 'n oorwinnaar.
Laat jou optrede wees soos een wat wil wen.

# Ons kontak met God

**Exodus 3:2,5** *"Daarop verskyn die Engel van die Here aan hom in 'n vuurvlam uit 'n doringbos. En toe hy weer sien, brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie!...En Hy (God) sê: Moenie nader kom nie. Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige grond."*

Moses was besig om sy skoonvader se skape in die woestyn van Midian op te pas, toe 'n vuur wat God aan die brand gesteek het in 'n doringbos, sy aandag getrek het.
Hierdie was beslis nie 'n gewone vuur nie. Ons teks sê dat hierdie vuur nie die doringbos verteer het nie. Ware vuur wat van die Here kom vernietig nie en dit is so jammer dat daar vandag baie "vure" is wat as God se boodskap uitgaan, maar wat vernietigend is.
God se vuur het trekkrag. Sy vuur het verseker daardie dag Moses se aandag getrek. Kerke sal weer vol word as ons net "vuur" sal toelaat, wat van God kom. Vuur wat van die Here kom, jaag nie weg nie maar sal mense nader trek, soos in die geval van Moses.
God se teenwoordigheid het die grond om hierdie doringbos geheilig. Vir hierdie rede was Moses gevra om sy skoene uit te trek. God het nie gesê dat hy moet pad gee nie. Maar dit wat skeiding gebring het tussen hom en God, moes verwyder word – sy skoene.
Deur die jare het ek gesien dat dit nie noodwendig "groot sondes" is wat ons verhinder om met God se "vuur" kontak te maak nie. Dit is baie keer net die dikte van 'n skoensool. Ja, iets baie klein wat ons verhinder om kontak te maak met Sy teenwoordigheid.

Ek weet ek praat met mense wat 'n dors na God het.
Jy begeer mos die "vuur" wat van die Here kom?
Verwyder dit wat keer dat jy werklik kontak maak met Hom.

## "Kom rus 'n bietjie"

**Markus 6:31** *"Kom julle self in die eensaamheid na 'n verlate plek en rus 'n bietjie. Want daar was baie wat kom en gaan, en hulle het selfs geen geskikte tyd gehad om te eet nie."*
Die Boodskap: *"Maar dit was omtrent soos 'n malhuis rondom Jesus. Mense het so gekom en gegaan dat Jesus-hulle nie eens 'n kans gekry het om te eet nie. Jesus stel toe voor dat net hulle klein groepie saam na 'n stil plek gaan om 'n bietjie te gaan rus."*

Ons lewe in 'n wêreld waar ons heeldag net aan die hardloop bly. Selfs dié wat afgetree het, sal vertel dat hulle soms meer besig is as wat hulle was toe hulle nog gewerk het. Wanneer ons seuns vasgeval het in die besige stadsverkeer, gebruik hulle hierdie tyd om huistoe te bel om met ons te kan praat. Ja, die lewe bly 'n gejaagde een.
Rus is 'n wonderlike (en noodsaaklike) iets. Ons lees dat God gerus het tydens die skepping. (Gen. 2:2,3) Selfs toe God aan Israel die tien gebooie gegee het, was rus ook op die lys. (Ex. 20:8-11) Die rede was dat ons as mens verseker rus nodig het. Ons almal hou van Psalm 23:2,3: *"Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie. Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen."* Maar een ding moet jy weet en dit is dat die duiwel nie omgee as jy deur groen weiveld gaan nie. Hy sal jou gedurig aan die hardloop hou, sodat jy nie by rus uitkom nie.
Praat ek met iemand wat smag na 'n bietjie rus? Kom luister weer na wat Jesus gesê het in Matt. 11:28,30: *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee...My juk is sag en My las is lig"* Het jy gehoor? Sy juk is sag en Sy las is lig.

Uit ons teks kom die uitnodiging: *"Kom rus 'n bietjie."*
Jy moet self 'n besluit neem wat jy gaan doen om te rus.
Besef net dat jy nie so kan bly hardloop nie!

# O! Vir Nuwe Harte!

**Eségiël 36:26** *"En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee."*
Die Lewende Bybel: *"Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle lewe. Daardie ongehoorsame harte van julle wat so hard soos klip was, sal Ek wegneem en julle 'n hart gee wat gewillig is om te luister."*

Op die 3de Des. 1967 het Dr. Chris Barnard die eerste hartoorplanting gedoen in die Grootte Schuur hospitaal. Die pasiënt was Mnr. Washansky wat ongelukkig agttien dae later oorlede is aan longontsteking. Hierdie unieke operasie het die wêreld aangegryp.
Dié gedeelte in Eségiël is waar hy besig is om te profeteer hoe God Israel in hul harte sou herstel. En in hoofstuk 37 vind ons hoe die dor bene weer lewendig gemaak sou word. Eségiël se boodskap aan Israel was oor die herstel van hul land, maar die belangrikste was die herstel van hul harte. In ons land het ons ook "nuwe harte" nodig!
Dit is ook altyd 'n goeie ding om as Christen ons harte te ondersoek. 2 Kor. 13:5 in 'The Amplified Bible' lees: *"Examine and test and evaluate your own selves to see whether you are holding to your faith and showing the proper fruits of it."*
Lees ook met aandag Matt. 15:18,19.
In ons teks word gepraat van 'n klip hart. Wat is 'n klip hart? Dit is 'n hart wat nie meer reageer op God se stem nie. Dit is 'n hart wat koud geraak het en 'n hart wat nie meer kan ween of selfs kan oorloop van blydskap nie. Net jy ken jou hart – toets en evalueer jouself.

Dit is 'n goeie ding om jou eie hart gereeld te deursoek.
Wees eerlik met jouself, omdat net jy werklik jouself ken.
Kom ons begeer 'n "nuwe" hart vir ons en ook vir ander.

# Gesindheid – hoe jy dink en voel

**Filippense 2:5** *"Maar hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was."*

Die Boodskap: *"Julle moet Christus Jesus se voorbeeld volg. Soos Hy oor dinge gedink en gevoel het, so moet julle ook daaroor dink en voel..."*

Die 'Collins Dictionary' sê: *"Your attitude to something is the way that you think and feel about it, especially when this shows in the way you behave."*
Sony Bill Williams se gesindheid het miljoene aangegryp tydens die rugbywêreld eindstryd op Twickenham, London. Dit was op die 31ste Okt. 2015 tussen Nieu-Seeland en Australië.
Nieu-Seeland het toe die Web Ellis beker die tweede keer in agt jaar gewen.
Ekself is nie 'n 'All Black fan' nie, maar toe Sony (hul senter) sy goue medalje weggegee het, het dit boekdele gespreek. Dit was toe 'n jong seun, Charlie Lines, gehardloop het om Sonny geluk te wens met hul prestasie. 'n Veiligheidswag het Charlie met 'n plettervat platgetrek voordat hy by Sonny uitgekom het. Sonny het die seun opgetel en na sy vader geneem. Net daar het hy sy goue medalje oor die nek van die seun gehang, met hierdie woorde: *"I am sure that he'll remember it. I'm happy that he has it because I know that he will really appreciate it. When he's older, he can tell the story to his children."* Praat van 'n mooi gesindheid!
As jy dink soos die tien spioene wat Kanaän bespied het, sal jou gesindheid oor jouself wees soos hulle s'n. Hulle het gesê: *"…ons was soos sprinkane in ons oë."* (Num. 13)

Jy kan self bepaal wat jou gesindheid vandag sal wees.
Jy bepaal dit deur reg te dink en reg te voel.
Laat ons vandag 'n verskil maak in ons gemeenskap.

# Wees 'n bemoediger

**Hebreërs 12:1,2** *"Die lewe is soos 'n wedloop. Op die pawiljoen het ons 'n skare mense wat voor ons met geloof en vertroue in God geleef het.* ***Hulle moedig ons aan om gelowig vol te hou met die wedloop****. Laat ons dan ontslae raak van enigiets wat ons hinder om die wedloop van die lewe behoorlik te hardloop. Dit is veral die sonde (en die laste) wat ons gedurig wil pootjie. Laat ons soos die ander gelowiges hardloop met alles wat ons het."* (Die Boodskap)

Ons hardloop nie in 'n 100 meter resies nie, maar in 'n marathon. Ons moet ontslae raak van alles wat ons spoed kan breek, en ons oë gevestig hou op Jesus en die wenstreep. Hulle wat voor ons die pad geloop het, moedig ons aan om te volhard. Die vertaling van 'The Living Bible' stel dit só treffend: *"Since we have such a huge crowd of men of faith watching us from the grandstands, let us strip off anything that slows us down or holds us back..."*
Die duiwel wil sorg dat ons vasgevang word met laste en met een of ander swakheid, dat ons nie geestelik kan hardloop soos wat ons moet nie. Hy sal enigiets doen om ons fokus te verbreek sodat ons nie sal wen nie. Hou dus jou fokus op Christus en wees bereid om ontslae te raak van dit wat jou terug hou op jou geestelike pad. Jy het dit tot hiertoe gemaak – moenie nou moedeloos raak en tou opgooi nie.
Het jy geweet dat Barnabas se naam "Bemoediger" beteken? Ek bid dat die Here 'n Barnabas in jou lewe sal stuur – iemand wat jou sal bemoedig – al is dit met 'n foon oproep. Bemoedigers het ons baie nodig in die dag waarin ons lewe. Ons het genoeg mense wat gedurig loop en murmureer. Daar is hulle wat kla met 'n brood onder hul arm, maar wees jy vandag vir iemand soos 'n vars bries.

Het jy al iemand die afgelope week of maand bemoedig?
Jy het nie magtige woorde nodig om dit te kan doen nie.
Wat jouself betref: Hardloop soos iemand wat wil wen!

**Wees 'n lofpryser!**

**Rigters 1:2** *"En die Here het gesê: Juda moet optrek. Kyk Ek gee die land in sy hand."*

In Gen. 29:35 lees ons waar Lea, Jakob se vrou, geboorte gegee het aan Juda. Dié teks vertel ons wat sy naam beteken: *"En sy het weer bevrug geword en 'n seun gebaar en gesê: Dié keer sal ek die Here loof. Daarom het sy hom Juda genoem."* Die woord "Juda" beteken "lof en prys."
God wil dat ons Hom loof. In Psalm 150 leer ons waar, waarom en selfs waarmee ons hom kan loof, asook wie Hom moet loof. Ek moedig jou aan om God hoorbaar te loof. Moenie skaam wees om dit te doen nie. Heb. 13:15 sê: *"Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat Sy Naam bely."* Dit meen om met jou lippe lof aan die Here te gee. Jy word 'n lofpryser as jy besluit om een te wees!
Die stam Juda se tente was reg voor die ingang van die Tabernakel, teenoor die opkoms van die son. Die ware lofpryser leef nie in donkerheid nie, maar in God se son.
Vir die lofpryser sê die Here: *"Jou hand sal op die nek van jou vyande wees...Jy is soos 'n jong leeu...Jou septer (jou gesag) sal van jou nie wyk nie!* (Gen. 49:8-10)
Watter "land" moet jy nog in besit neem? Is daar 'n kind van jou wat afgedwaal het? Lees, en glo opnuut Jer. 31:16,17. Is die "land" wat jy moet inneem moontlik finansies?
Weet dat Hy die God is wat vir jou in al jou behoeftes sal voorsien. (Fil. 4:19) Is die "land" wat jy moet inneem jou (of 'n geliefde) se gesondheid? Bely 1 Pet. 2:24.

Bid dié gebed: *"Here, ek het dieselfde Gees in my wat in U is. Ek loof U dat ek gesalf is om die blye boodskap te verkondig. Dankie dat U my meer as 'n oorwinnaar gemaak het!"*

## Skoene aan jou voete

**Efésiërs 6:14,15** Die Lewende Bybel: *"So moet julle julle voorberei: die lyfband wat julle vasgespe, is die waarheid...Die skoene wat julle moet aantrek is die gewilligheid om ander te vertel van die vrede wat die Goeie Nuus oor Jesus Christus vir ons kan bring."*

Dank God vir die volle wapenrusting wat Hy aan ons gegee het! Dank Hom vir waarheid wat ons lewe aanmekaar hou sodat ons nie in duie stort nie. Ja, dank God dat waarheid ook altyd die werklikheid van die lewe oorheers. Die werklikheid mag wees dat jy baie ernstig siek is maar die waarheid is dat jy deur Sy wonde genees is.
Vandag onderstreep ek dat God jou "skoene" gegee het, wat jou sal help om die blye boodskap by mense uit te kry.
'The Living Bible' stel dit soos volg: *"Wear shoes that are able to speed you on as you preach the Good News of peace with God."*
Waarom verwys die Bybel na "skoene" wat ons nodig het? Wat gebeur as jy kaalvoet sou loop? Dorings kan jou steek. Ander kan op jou tone trap en jou voete kan koud kry.
Daarom moet jy sorg dat jy "skoene" aan jou voete het sodat jy nie gepla word deur "dorings" (soos kritiek) wat jou gedurig wil seermaak nie – praat nie eers van mense wat op jou tone wil trap nie. Wees soos wat ons lees in Rom. 10:15 *"Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig."*
In Luk. 10:19 lees ons dat ons op slange en skerpioene kan trap. Jy trap nooit op een van hulle met kaalvoete nie! Elke keer as jy getuig dan trap jy op die vyand se kop.

Goliat het miskien krag gehad – maar Dawid het mag gehad. Al het die duiwel krag – jy het van God mag ontvang te oorwin. Dra die volle wapenrusting – en vergeet nie die "skoene" vir jou voete nie!

## Opwekking in ons gees

**Haggai 1:14** *"En die Here het die gees...van die hele oorblyfsel van die volk opgewek. En toe het hulle gekom en die werk begin aan die huis van die Here...hulle God."*

God het ten eerste die leiers in hul gees opgewek maar toe ook die hele volk van Israel. God moes dit doen want 16 jaar tevore het hulle opdrag ontvang om die tempel te herbou, maar niks daaraan gedoen nie. Laat my dink aan baie van ons wat jare gelede van God opdragte ontvang het om iets te doen, maar dan doen ons niks daaraan nie.
Net soos Israel is ons só besig met ons eie sake dat ons net nie tyd maak om aan die Here se opdragte aandag te gee nie. Lees Hag. 1: 4,9. Ondersoek jouself in die lig van hierdie stelling.
Miskien praat ek met iemand wat platgeslaan is in jou gees? Jy voel soos Elia waar hy onder die bos gesit en wens het om nie langer te leef nie. (1 Kon. 19:3,4)
Moenie dink 'n vakansie sal jou omstandighede verbeter nie. Ek het al baie moeg met vakansie gegaan en meer as moeg (en met skuld) huistoe gekom. 'n Opwekking in jou gees is baie meer werd as die beste vakansie waaraan jy kan dink. Vra my, ek weet.
Moontlik wil God jou in jou gees opwek sodat jy sal bid vir 'n deurbraak wat ons land baie nodig het? Dit kan wees dat jy in jou gees opgewek moet word sodat jy weer met oorgawe kan sing, soos net na jou bekering, toe jy altyd 'n lied in jou hart gehad het. Mag met jou gebeur wat met Simson gebeur het in Rig. 15:19 *"Toe kloof God die holte wat by Legi is, en daar kom water uit; en hy het gedrink, en sy gees het teruggekom, en hy het weer opgelewe!"* Hierdie was meer as gewone water.

God will aan jou Sy lewende waters gee om te drink!
Maar dan moet jy 'n dors daarna hê in jou gees. (Joh. 7:37-39)
Bid ernstig vir 'n opwekking in jou gees – asook vir ander!

## Geestelike groei

**1 Petrus 2:2** *"Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk (van die woord), sodat julle daardeur kan opgroei..."*

Smag jy na God se "suiwer geestelike melk", naamlik Sy woord, sodat jy kan opgroei? Moontlik sal jy saamstem dat daar heelwat geestelike babas in gemeentes is, vandag?
As jy egter 'n honger het na die woord van die Here is jy verseker nie een van hulle nie.
Kerke wil graag in getalle en in finansies groei. Dit is nie iets heeltemal verkeerd nie, maar wat ons wil sien is geestelike groei by elke gemeentelid. Een probleem wat ons vandag het is: Ons verwag baie keer iemand moet geestelik volwasse wees, terwyl hy nog nie eers uit die gees gebore is nie. Ek verwys hier na Joh. 3:3-5.
Paulus het probleme gehad met die gemeente van Korinthe se geeslike groei. Ons lees daarvan in 1 Kor. 3:1-3 waar hy die drie probleme aanspreek wat hulle gekeer het om geestelike te groei, naamlik: jaloersheid, twis en tweedrag.
Hoe evalueer ons iemand wat nie geestelik wil groei nie? Dit is iemand wat net altyd aandag soek – en huil as hulle dit nie kry nie. Ek noem hulle die "maak my" Christene, want soos op 'n swaai, moet jy hulle gedurig stoot.
Ek is van mening dat daar teveel "meubelstukke" in die kerk is. Dit is mense wat mooi lyk maar nie groei nie. Onthou dat geen meubelstuk kan groei nie. Al olie jy dit, sal dit nie groei nie. Dit sal selfs niks baat dat iemand jou met olie salf nie, indien jy nie 'n honger het na die Woord nie. Ek glo ek praat met iemand wat dors na God en Sy woord!

Bid met erns Dawid se gebed in Psalm 42:2,3:
*"Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God. Ek dors na God, na die lewende God..."*

# Die Bybel kom van God

**2 Timótheüs 3:16** *"Die hele Skrif kom van God af en dit help ons om te weet wat die waarheid is en wys ons hoe om 'n verkeerde leer teë te gaan. Die Skrif wys ons ook as daar iets in ons lewe verkeerd is en leer ons om so te lewe soos God wil hê."* (Die Lewende Bybel)

Kan jy dink daar is mense vandag wat dink hulle kan God se Woord totaal vernietig? Hulle probeer dit doen met hul woorde; God se woord word belet in skole; dit word nie meer gelees by die opening van die Parlement nie...en so kan ons nog baie byvoeg.
Selfs in die Ou Testament was daar 'n koning wat gedink het hy kan God se geskrewe woord vernietig deur dit met 'n mes stukkend te sny en dit dan in die vuur te verbrand. Lees vir jouself hierdie verhaal van Jojakim in Jeremia 36:21-23.
Soos ons teks dit stel: *"Die hele Skrif kom van God af..."* Ja, die Bybel kom van God af! Die Bybel kan nie 'n gewone boek wees nie, veral as ons kyk na die eenheid daarvan.
Die Bybel bevat 66 boeke; 1180 hoofstukke; amper 800,000 woorde. Dit is geskryf deur 40 skrywers in verskillende lande, oor 'n tydperk van 1600 jaar. Dit is geskryf deur konings, skaapherders en selfs vissermanne. Tog vorm dit 'n wonderlike eenheid.
God se woord is soos 'n swaard (Heb. 4:12) Dit is voedsel wat ons geestelik laat groei. (1 Pet. 2:2) Dit is saad wat nooit kan doodgaan nie. (1 Pet. 1:23) God se woord is 'n krag tot redding vir elkeen wat glo. (Rom. 1:16) As dit in my hart is sal ek nie wil sondig nie. (Ps. 119:11) Dit is voorwaar 'n lig op my pad. (Ps. 119:105)

Gryp elke belofte in God se woord vas met jou hele wese!
Ons teks: *"Die Skrif wys ons ook as daar iets in ons lewe verkeerd is en leer ons om so te lewe soos God wil hê."*

## Die stilswye van God

**Job 34:29** *"As die Here stilbly, wie kan Hom daaroor kritiseer?..."* (Die Boodskap)

Dit is wonderlik om antwoorde op ons gebedes te kry, en ons het genoeg Skrifgedeeltes dat ons 'n antwoord van God kan verwag. Ons lees bv. in 1 Joh. 5:14: *"...dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil."* God het die reg om soms stil te bly, en soos ons teks dit stel: *"wie kan Hom daaroor kritiseer?"* Daar is iets soos die stilswye van God. Dit is wanneer God stilbly en ons hoor Hom nie.
In Matt. 15 lees ons van die Kananése vrou wat na Jesus geroep het om haar dogter te bevry, wat erg van die duiwel besete was. Dan lees ons in vers 23: *"Maar Hy het haar nie 'n woord geantwoord nie."* Teenoor haar het Jesus stil gebly. Moontlik was dit om haar geloof te toets? Sy het toe voor Jesus neergeval en ernstiger om hulp geroep. Gelukkig eindig hierdie verhaal dat haar dogter gesond geword het.
Vir ons televisie het ons 'n "mute" knoppie ('n toondemper) wat ons gebruik as ons sekere dinge nie wil hoor nie. Ek weet nie of die Here so iets het nie? Maar ek weet dat as ons in geloof en met dankbaarheid God soek, sal Hy graag na ons wil luister.
Dit wil vir my voorkom dat God die eerste twee dae wat Jona in die vis was hom ook nie geantwoord het nie, net soos die vrou in Matt. 15. Dit was omdat hy vol klagtes was. (Jona 2:3-5) Maar toe Jona lof en dank aan God gegee het, het die Here gehoor en hom uit die vis verlos! (Jona 29,10) Wanneer dit stil raak, roep harder.

As daar tye kom dat dit vir jou voorkom dat God teenoor jou stilbly en jou nie antwoord nie, moet nie moedeloos word nie.
Dit is dan dat jy met groter erns moet bid.
God se oor is nie te doof om jou te hoor nie. (Jes. 59:1)

## Wees 'n verlengstuk van God se hand

**Handelinge 5:12** *"En deur die hande van die apostels het daar baie tekens en wonders onder die volk plaasgevind..."*

God wil ook jou hande gebruik om mense wat in nood is aan te raak met Sy groot liefde. Ons argument kan moontlik wees: Ja, maar onthou ons is nie apostels, soos Paulus nie! Dit is waar, maar Jesus het gesê dat ons wat glo sal deur Hom ook gebruik word. Markus 16:17,18 is tog baie duidelik, waar ons lees: *"En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg...op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word."*
Om hande op siekes te plaas wanneer daar vir hulle gebid was, is volop in die Bybel. Jy kan regtig 'waag' om jou hande op iemand te plaas wanneer jy vir so'n persoon bid. Bid in die Naam van Jesus, en moenie verbaas wees as God jou gebed sou verhoor nie.
Hoekom soek ons wonders en tekens vir vandag? Markus 16:20 gee die antwoord op ons vraag, naamlik: *"Waar hulle die boodskap vertel het, het die Here ook gewerk, en deur die wonderwerke wat daar gebeur het, het Hy (dit is God) ook bewys dat die boodskap waar is."* As ons dus die regte boodskap bring, sal die tekens daarop volg!
Natuurlik is daar niks magies in ons hande nie. Wanneer jy jou hande op 'n sieke sou plaas besef jy tog dat dit nie jy is wat genesing en bevryding bring nie, maar die Here.
Ek gaan soms verder deur my hande op my vrou te plaas en die seën van die Here oor haar te bid. Haar getuienis is dat, elke keer as ek dit doen, God haar aangeraak het.

Plaas jou hande op iemand in jou huis: Jou vrou of jou kind. Of dit vir genesing is of vir 'n seën, doen dit in Jesus se Naam. Bid dat die Here jou hande altyd sal gebruik tot Sy eer!

# O! Vir 'n honger na God

**Matthéüs 5:6** *"Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word."*

The Amplified Bible: *"Blessed and fortunate and happy...are those who hunger and thirst for righteousness (meaning: to be uprightness and in right standing with God) for they shall be completely satisfied."*

The Message: *"You're blessed when you've worked up a good appetite for God. He's food and drink is the best meal you'll ever eat."*

Om honger te wees is iets wonderliks, want dit is wat ons nodig het vir 'n goeie aptyt. Honger wek soms ook 'n desperaatheid. Kom ons bid dat ons land 'n desperate honger na God en Sy woord sal hê. Soos wat Amos 8:11 dit stel: *"Kyk, daar kom dae, spreek die Here Here, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die Here te hoor."*

Ons moet 'n honger hê na dit wat reg is vir God in my verhoudings. Dit was reg is vir God in my besigheid. Dit wat reg is vir God in ons huis. Ek moet in niks betrokke wees as God nie daarmee tevrede is nie. Bó alles moet ons 'n honger hê na die volheid van die Heilige Gees! Ja, 'n dieper verhouding met God se Gees!

Na die kruisiging van Jesus was daar 120 hongerige mense in Jerusalem. (Hand. 1:15) As hulle op daardie Pinksterdag nie baie honger was nie sou hulle nooit vervul geraak het met die Heilige Gees nie.

Is daar 'n honger in jou hart na meer van God se Gees?
Hoe honger is jy in jou hart na dit wat reg is?
Neem jou stand vir Christus as bewys van die honger in jou.

# Bly bid en glo!

**Lukas 18:1** *"...'n mens moet gedurig bid en nie moedeloos word nie."*

**2 Thessalonicense 5:17** *"Bid sonder ophou."*

'n Verhaal wat ons aanmoedig om te bly bid en glo, vind ons in Matt. 15. Dit gaan oor die Kananése vrou wat Jesus gevra het om haar dogter te bevry van duiwelse magte.
Wat ons egter tref is dat Jesus haar nie 'n woord geantwoord het nie. (vers 23) Moontlik het jy ook tye beleef asof die Here jou geroep na Hom nie geatwoord het nie?
Jesus se dissipels het Hom ook gevra om haar weg te stuur van hulle af, want sy het by hulle ook kom kla. Ken jy dit? Dat jy gevoel het ander gelowiges het jou vermy in jou tyd van nood?
Die meer skokkende deel is waar Jesus gesê het aan Sy dissipels: *"Ek is net gestuur na die verlore skape van Israel."* (vers 24) Hy het dit hardop gesê dat hierdie vrou dit ook gehoor het. Wat 'n belediging! Eintlik sê Jesus vir haar: *"Vroutjie ek het net gekom vir die Jode en nie vir julle Grieke nie."* (In Markus 7:26 lees ons dat sy 'n Griek was)
Dit het haar nie afgesit nie, maar omdat sy geloof gehad het, het sy voor die voete van Jesus neergeval en ernstig gesmeek, met hierdie woorde: *"Here, help my!"*
Toe kom die volgende teleurstelling, en dit was toe Jesus vir haar sê dat Hy nie die geestelik brood wat vir Israel bedoel was vir 'n heidense vrou kon gee nie. Ek hou van haar antwoord: *"Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base val."* (verse 26,27) M.a.w. Sy was tevrede met die minste.
Jesus het haar geëer vir haar geloof, en haar dogter daardie oomblik gesond gemaak.

Ek deel hierdie verhaal met jou om jou moed in te praat.
Bly bid en glo en moenie toelaat dat jy moedeloos word nie!
Onthou: Dit is soms die laaste sleutel wat die deur oopsluit.

## Bid oor jou Profesie

**2 Petrus 1:21** *"...want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrewe, het die die heilige mense van God gespreek."*

Ek wil my nie voorgee as iemand wat alles weet van profesie nie. Wat ek wel weet is dat 'n profesie 'n saak van God is en dat dit stig, troos en bemoedig. (1 Kor. 14:3)
'n Profesie is ook 'n belofte wat God aan ons gee waarna ons kan uitsien. Soms gebeur dit gou en ander kere moet ons langer wag.
Ons kan bid oor ons profesie en kan God herinner aan wat Hy aan ons belowe het. In Jes. 62:6 lees ons: *"Julle wat die Here herinner aan Sy beloftes – moenie rus nie..."*
As jy so deurblaai in jou Bybel dan kom jy op plekke waar jy 'n nota gemaak het van die mooiste beloftes (en profesieë) wat die Here vir jou gegee het. Iewers het jy 'n nota gemaak van 'n belofte van die Here. Miskien was dit by 'n konferensie? Maar na 'n lang tyd het alles nog nie waar geword nie. Waak teen moedeloosheid en bly glo.
Ek vind 'n mooi voorbeeld van iemand wat God herinner het aan Sy beloftes. Dit is die verhaal van Daniël in ballingskap. Dié verhaal vind plaas in Babel, die huidige Irak.
Omdat Daniël 'n honger na God gehad het, het hy die profesieë van Jeremia bestudeer. Daarin het hy gesien dat die tyd van bevryding het vir Israel aangebreek. Na 70 jaar sou hulle weer bevry word. Toe hy dit sien het hy ernstig tot God gebid dat die profesie in vervulling sou kom. God het hom verhoor en Israel was bevry van slawerny.

Ons kan ook profesieë in vervulling bring as ons ernstig sal bid. Volgens Rom. 4:17 kan jy die dinge roep wat nie bestaan nie. Staan op in jou gees en vertrou die Here soos nog nooit tevore!

## **"Ek is wat Ek is..."**

**Exodus 3:14** *"En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: Ek is het my na julle gestuur."*

Moses moes God se Naam aan Israel bekend maak as: "Ek is wat Ek is..."
As ons sê God is liefde is dit anders as wanneer ons sê God het liefde. Want as jy iets het kan jy dit verloor, maar dit wat jy is kan jy nie verloor nie.
Ons het al gesien hoe kan liefde van 'n persoon verander in haat. Die rede is dat hulle liefde wel besit het maar dit verloor het. Ons dink hier aan die gemeente van Efese in Open. 2 waar God aan hulle gesê het: *"Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het."* Daar is nogal baie mense vandag wat hul eerste liefde teenoor God verlaat het. Ek het weer onlangs iemand ontmoet wat kwaad is vir die Here, en Hom blameer vir alles wat verkeerd gegaan het in sy lewe.
God behoort vir die meeste van ons kwaad te wees oor die wyse wat ons leef, maar omdat Hy liefde is gee Hy genade op genade. Waardeer dit en gebruik Sy genade.
Ek is ook bly dat God ook vrede is, en kan Hy dit dus nie verloor nie, want dit is Hy. Netso is die Here jou voorsiener in al jou behoeftes. En in hierdie moeilike tye moet jy meer vasklou aan Fil. 4:19, naamlik: *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heeerlikheid deur Christus Jesus."* Dit is net wat God is. Hy is ook jou geneesheer. Moenie glo Hy sal eendag jou geneesheer wees nie, maar glo Hy is jou geneesheer nou vandag! Moenie luister na almal wat dink hulle weet iets van medies af nie, luister na God se woord wat vol is van beloftes van genesing. *"Want Ek is die Here wat jou gesond maak."* (Ex. 15:26)

Ek bid so dat die Here jou in hierdie tyd gaan verras!
Mag Hy voorsien in jou behoeftes, soos nooit voorheen nie.
Mag Hy jou, of 'n geliefde, bó verwagting genees.

# Werk aan jou gedagtes

**Kolossense 3:2** *"Moenie toelaat dat dinge wat nie vir Jesus belangrik is nie, vir julle te belangrik word nie. Ek praat van tydelike, aardse dinge waarmee julle julle partymaal so kan besig hou. Bestee liewer al julle tyd aan dinge wat vir Jesus belangrik is. Dink daaroor en doen dit!"* (Die Boodskap)

As daar een ding is waaraan ons moet werk, dan is dit aan ons gedagte-wêreld. Dit is een deel van ons as mens wat baie privaat is. Mense om jou weet nie wat jy dink nie.
Wat meen jy sal gebeur as almal om jou sal weet wat jy dink? Ja, hoe sal hulle teenoor jou optree as jou gedagtes hoorbaar kon word? Dink na hieroor.
As jy skoon en rein dinge kan dink sal jy nooit 'n probleem hê rakende jou gedagtes nie. Al probeer jy altyd jou bes om reg te dink kom daar tog tye dat, van nêrens, kom daar 'n gedagte wat jouself skok. Wat maak jy wanneer dit gebeur?
Hier is jou antwoord: Dit is dan dat jy jou gedagtes vul met God se woord. Gebruik tekse teen daardie aanslag in jou gedagtes. Dit werk. Hoe meer jy jou gedagtes vul met God se woord hoe meer sal dit verkeerde dinge uit jou lewe uitdryf. Donkerheid en lig kan mos nie saam bly in een vertrek nie. En lig is altyd sterker as donkerheid.
Geen wonder dat Dawid die volgende stelling gemaak het: *"Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie."* (Ps. 119:11) In Die Boodskap lees dit: *"U woord is diep in die brandkluis van my hart weggebêre. Dit keer dat ek dinge doen waarvan U niks hou nie."* Ek hou nogal van wat Dawid geskryf het in Ps. 119:59: *"Ek het die koers van my lewe oordink en na U verordeninge teruggekeer."*

Een ding wat jy altyd moet weet is: Soos 'n mens dink so is hy. Jou lewe was bepaal soos wat jy tot hiertoe gedink het. Verander jou gedagtes – dan verander jy jou lewe.

# Die kleed van liefde

**Kolossense 3:14** *"En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is."*

Op 'n ander plek sê die Bybel dat ons onsself moet beklee met Christus. Ja, laat Hy jou toemaak met Homself. Omdat Hy liefde is, sal Hy jou lewe vol maak van liefde.
Die Boodskap gee Gal. 5:22 op 'n praktiese wyse, hoe iemand wat die kleed van liefde aan het, se lewe sal wees. Dit lees: *"...Sulke mense gee baie om vir ander. Hulle lewe is vol vreugde. Die vrede wat van God af kom, ken en ervaar hulle. Hulle verdra ander mense sonder om ooit lelik met hulle te wees.Hulle straal vriendelikheid en warmte uit; daarom wil ander graag in hulle teenwoordigheid wees. Hulle doen goeie dinge vir ander mense. Ander kan altyd op hulle reken omdat hulle self deur dik en dun op God vertrou. Hulle is vol deernis en ontferming. Die Gees stel hulle in staat om hulleself goed te beheer sodat sonde nooit hoogty in hulle lewe vier nie."*
Omdat ek weet dat ek hierdie jaar gepraat het met mense wat bostaande begeer – moedig ek jou aan om uit te strek na nog groter oorwinning en bruikbaarheid in jou geestelike lewe. Moenie dinge uit jouself wil doen nie – trek eenvoudig Sy kleed aan!

Jy moet self sorg dat jy die kleed van liefde vandag aan het. Klere openbaar mense se persoonlikheid. Liefde wys wie jy is. Straal so uit dat Christus deur jou groot gemaak sal word!

**Strek jou uit na wat voor is**

**Filippense 3:14** *"Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."*

Die Lewende Bybel: *"Ek haal alles uit om by die eindpunt aan te kom en die prys te wen – die nuwe lewe in die hemel waarvoor God ons geroep het deur alles wat Jesus Christus gedoen het."*

Vir sommige was die afgelope jaar 'n mooi een en vir ander was dit een van siekte, hartseer, pyn, en teleurstellings. Moet net nie vashaak by die negatiewe dinge wat jy ondervind het nie, want dit sal jou verhinder om 'n lewe van oorwinning te leef.

Vergeet die verkeerde verlede en strek jou uit na wat voor is! Droom sterker oor die begeertes wat jy het. *"If you can dream it, you can do it".* God is instaat om jou drome te vervul. Doen wat geskrywe staan in Psalm 37:4 *"Verlustig jou (geniet jou) in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart."* Hoe doen ons dit? Jy doen dit deur die Woord van die Here gedurig te lees en te bid, asook om te vertel wat God vir jou gedoen het.

Paulus moes vergeet hoe hy die gemeentes vervolg het. Om te dink Paulus het die klere opgepas van die manne wat Stefanus gestenig het. (Ons lees hiervan in Hand. 7:58,59) Hierdie was van die negatiewe dinge wat Paulus moes vergeet het en agter sy rug geplaas het sodat hy kon aangaan met sy nuwe lewe in Christus. My boodskap aan jou is, baie duidelik: Draai jou rug op jou negatiewe verlede – stap weg daarvan!

Moenie net praat oor die siekte wat jou oorval he nie.
Jou getuienis van herstel moet groter wees as jou siekte.
Vergeet die finansiële verlies wat jy gely het. Glo Fil. 4:19.

# Moenie moedeloos word nie

**Hebreërs 12:3** *"Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie."*

Die Boodskap: *"Hou Hom gedurig in gedagte. Dink aan alles wat Hy moes deurmaak, ja, aan al die slegte dinge wat die sondige mense aan Hom gedoen het. As julle Sy voorbeeld volg sal julle nooit moedeloos word en tou opgooi nie."*

Daar is so baie dinge in hierdie lewe wat ons moedeloos kan maak. Wat ookal met jou gebeur, moet jy moed hou, wetende dat die Here met jou is en vir jou omgee.
Die raad wat ons teks vir ons gee is seker van die beste raad wat daar is. As jy en ek gedurig daaraan sal dink wat Hy vir ons deurgemaak het, en hoe Hy onskuldig vir ons gely het, behoort dit ons te inspireer om moed te hou en vasberade te bly dat ons nie sal tou opgooi nie. Intendeel 'tou opgooi' moet nie eers in ons woordeskat wees nie. Ons is gemaak om meer as oorwinnaars te wees. Onthou altyd dat Hy wat in jou is, groter is as hy wat in hierdie wêreld is. (1 Joh. 4:4) 'n Beroemde prediker, Smith Wigglesworth, het eenmaal gesê: *"I am bigger on the inside than on the outside."*
Iets wat ek geleer het is dat as ek ander moed inpraat dan versterk ek myself om moed te skep – probeer dit gerus. Baie keer in my lewe, wanneer ek laag was in my gemoed, het ek in my motor geklim en iemand gesoek wat ek kon bemoedig. Dit werk verseker.

Moedeloosheid beroof jou van vertroue en hoop.
Die Woordeboek sê dat moed is dapperheid in gevaar.
Moet asseblief net nooit tou opgooi nie – skep moed!

## Geregtigheid

**Filippense 3:9** *"...en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met die wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof."*

Die woord "geregtigheid" klink so teologies, maar gelukkig hoef jy nie alles teologies te verstaan om jou voordele in Christus te kan geniet nie. Die woord wat in Engels gebruik word is "Righteousness" en beteken "to be in right standing with God." Omdat jy in Christus glo, het God jou in die regte verhouding met Hom gebring, naamlik sonder blaam voor Hom.
Dit maak nie saak hoe jy al jou verlede opgemors het nie, jy is geregverdig omdat jy volkome op Christus jou vertroue geplaas het. Die verkeerde verlede het Hy vergewe.
Dank God vir al die voordele van hulle wat geregverdig is:
Ps. 92:13 *"Die regverdige sal groei soos 'n palmboom..."* Spr. 11:10 *"Oor die voorspoed van die regverdiges jubel 'n stad..."* Spr. 11:21 *"...die geslag van die regverdiges raak vry."* 1 Pet 3:12 *"Want die oë van die Here is op die regverdiges en Sy ore tot hulle gebed..."* Ps. 5:13 *"Want U seën die regverdiges, o Here, U omring hom met welbehae soos met 'n skild."* Ps. 37:25 *"Ek was jonk, ook het ek oud geword, maar nooit het ek die regverdige verlate gesien, of dat sy nageslag brood soek nie."*
Dank God vir al hierdie beloftes aan die regverdiges – dat jy sal groei; dat selfs waar jy woon sal jy mense bly maak; dat God na jou luister en jou beskerm; dat jy nooit gebrek sal hê nie. Moenie toelaat dat die duiwel jou beroof van enige van hierdie beloftes nie, deur jou te vertel dat jy nie goed genoeg is nie.

Roep uit: "Ek is geregverdig deur die bloed van Jesus Christus!" Stap uit in geloof en geniet die voordele wat daar in God is. Niks en niemand mag jou beroof van dit wat God vir jou wil gee nie!

## **Waarom die Heilige Gees?**
## **Joh. 16:7, 8, 13**

*(v. 7) "Maar Ek sê vir julle die waarheid. Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; (v. 8) ...en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel... (v. 13) Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei.."*

As daar een ding is wat ons vandag nodig het, dan is dit die Heilige Gees! En een van die eerste redes waarom jy en ek die Heilige Gees nodig het is dat Hy ons sal oortuig van die goeie en die verkeerde dinge. Hy sal ons oortuig van geregtigheid – en dit is mos iets wonderliks. Hy sal my help om in die regte verhouding tot God te leef.
(In Engels is "righteousness – in right standing with God")
Maar die Gees oortuig ook van sonde. Let wel, Hy kla nie aan nie, maar Hy oortuig.
Nog 'n rede waarom ons die Heilige Gees nodig het is wat Jesus gesê het in Hand. 1:8: *"...maar julle sal krag ("dunamis") ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees..."* "Dunamis" meen dit is krag wat binne ons is. Al voel jy soms in jouself swak het jy bonatuurlike krag in jou wat gegee word deur God se Gees. Die Heilige Gees help ons ook om te kan bid, want ons weet nie altyd hoe om te bid nie. In Rom. 8:26 lees ons in Die Lewende Bybel: *"Ons weet nie mooi hoe om met God te praat as ons bid nie, maar die Gees bid vir ons by God op 'n manier wat nie in woorde uitgedruk kan word nie."*

Mag dié Skrifte jou vraag antwoord: Waarom die Heilige Gees?
Begeer meer van die Heilige Gees in jou lewe.
Ja, 'n dieper wandel met God se Gees wat jou wil lei.

# Genade

**Romeine 5:20** *"...waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloediger geword."*
Die Lewende Bybel: *"Maar al is 'n mens se sonde baie, die goedheid van God is nog groter."*

Enige sonde wat gedoen is kan nooit groter wees as God se onbeskryflike genade nie. Adam het gesondig deur van die verbode vrug te eet en as gevolg daarvan moes hy sterwe. Tog het dit die dood meer as nege honderd jaar geneem om hom in die graf te kry, want Adam het 930 jaar oud geword. (Gen. 5:3-5) Dit wys hoe groot genade is!
Wat sou in elk geval van ons geword het as daar nie 'n God van genade was nie? Gelukkig ontvang ons nie volgens ons verdienste nie. Hoe bly is ek daaroor. Die Griekse woord vir "sonde" is "hamartia" en dit beteken om die doel te mis. Ag, hoe baie mis jy en ek nie God se doel in ons lewe nie? Oordink weer die volgende Skrifgedeeltes en dan dank jy Hom vir Sy groot genade. Joh. 1:17 *"Want die wet is deur Moses gegee; die genade en waarheid het deur Jesus Christus gekom."* 2 Kor. 8:9 *"Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur Sy armoede ryk kan word."* Die Boodskap vertaal dit: *"...Christus het julle wat eers brandarm was, nou skatryk gemaak. Gaan wys nou hoe dankbaar julle teenoor Hom is deur julle besittings met ander gelowiges te deel."* 2 Kor. 12:9 *"En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring."*

"Genoeg" meen dat jy nie te min genade sal ontvang nie.
Niks wat jy doen kan groter wees as Sy genade nie.
Moet nooit Sy genade minag nie – waardeer dit ten volle.

## Leer om te vra

**Matteus 7:7** *"Vra , en vir julle sal gegee word, soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word."*

Een van die lesse wat ek moes leer, was om te vra. Eenkeer het een van my studente na my gekom en vir my gesê dat hy kan sien ek gee maklik, maar ek vra nie maklik nie. Hy het dit ook aan my verduidelik dat om te vra is nie net om te bid nie – en ook dat ons mense mag vra (nie bedel nie) in enige behoefte wat ons mag hê. In daardie week het ons Bybelskool R50,000 dringend nodig gehad. Na die gesprek met die student het ek moed gekry en met vriende gepraat oor ons behoefte en hulle gevra om 'n bydrae te maak. Binne 'n paar dae het die Here voorsien in R55,000. Meer as wat ons nodig gehad het! Natuurlik is dit nie so maklik om te vra nie want vir jou sal dit voel of jy bedel. Maar wanneer jy vra moet jy leer om dit op die regte manier te doen en natuurlik moet jou tydsberekening ook reg wees. Hoe dink jy sal mense vir jou gee as hulle nie weet wat jou behoefte is nie? Dank die Here vir Fil. 4:19: *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."*
Vra ook vir genesing. Moet nooit dink dat jy nie genesing van die Here kan vra nie. Glo ook dat dit God se wil is om te genees. Ons lees in 1 Pet. 2:24 *"...deur wie se wonde julle genees is."* By herhaling wil ek sê dat God het altyd die laaste sê oor ons lewens, en nie die geneesheer nie. Ons waardeer wat hulle doen, maar weet dat ons genesing kan vra van Hom wat deur Sy wonde vir ons genesing gebring het. (Jes. 53:5)

Vra met groot vrymoedigheid, en maak sodoende jou behoeftes bekend.
Vrymoedigheid het voorwaar 'n groot beloning. (Heb. 10:35)
Leer om te vra, want God se oor is nie doof om jou te hoor nie.

# Hiskia se lied

**Jesaja 38:17** *"Die groot bitterheid was tot my voordeel, want U het my weer gesond gemaak sodat ek nie in die graf beland het nie. Al my sonde het U agter u rug gegooi."*
(Die Lewende Bybel)

In Jesaja 38 vind ons 'n lang lied wat Hiskia geskryf en gesing het. Dit was net nadat die Here Hom genees het en vyftien jaar by sy lewe gevoeg het. Ons lees hierdie verhaal in 2 Kon. 20. Die Here het hom genees van 'n siekte wat besig was om hom graf toe te neem, maar sy grootste blydskap was dat die Here al sy sonde agter Sy rug gegooi het. Het jy gehoor? "Agter Sy rug..." Dit meen dit is iets wat verby is. Het jy so 'n lied? Paulus het ook 'n lied van vergifnis gehad. 1 Tim. 1:15 *"Dit is absoluut waar, en ons kan met ons hele hart daarop reken dat Jesus Christus na die wêreld toe gekom het om sondaars te red. En die grootste sondaar van almal was ek."*
Ek het ook so gevoel toe ek as 'n sestienjarige seun Jesus aangeneem het as my Saligmaker. Ek was so dankbaar dat Jesus Christus my sondes vergewe het. My hart het oorgeloop van blydskap en ek kon nie genoeg daarvan praat nie. Ek het eenkeer gelees van 'n grafsteen met geen datum of teksvers daarop nie, maar net met een woord wat daarop geskryf was, naamlik "Vergewe." Die persoon in daardie graf, was vergewe. Wanneer God sondes vergewe dan dink Hy nie weer daaraan nie. Daarom lees ons in Jer. 31:34 *"...want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie."* Dawid voeg hierby Ps. 103:12 *"So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons."* Vergeefde sondes is vergete sondes – en as God nie daaraan dink nie moet ons ook nie.

Jy het ook 'n lied in jou hart. Jy het 'n lied van vergifnis.
As God ons vergewe het dan vergewe ons ook onsself.
Verder: Ons vergewe ook hulle wat nie eers daarvoor vra nie.

# God is Liefde

**1 Johannes 4:7,8** *"Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God. Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie,* ***want God is liefde****."*

Hierdie is die grootste en mooiste sin wat nog ooit geskryf was, naamlik "God is liefde."
Mense sê dat daar baie dinge in die Bybel is wat moeilik is om te verstaan of om te glo. As daar een ding is wat werklik moeilik is om te verstaan of om te glo, dan is dit dat 'n heilige God liefde vir sulke mense soos ons kan hê.
D.L. Moody, een van die grootste Evangeliste wat daar was, het vooraan sy kansel die woorde op 'n doek gehad "God is liefde." Een Sondagaand het 'n groot sondaar by die kerk opgedaag, en dadelik het sy oë op hierdie woorde geval. Hy het agter in een hoek van die kerk gaan sit en bitterlik begin ween. Moody het met hom gaan praat en gevra wat in die diens het hom geraak. Sy antwoord was dat niks in die diens hom geraak het nie, maar daardie woorde "God is liefde." Moody het hom na die Here gelei, sodat hy die God van liefde persoonlik kon leer ken.
God bewys Sy liefde omdat Hy sondes vergewe. Jes. 55:7 *"Hy vergeef menigvuldiglik."*
God bewys Sy liefde dat jy en ek een van Sy kinders kan wees. 1 Joh. 3:1 *"Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word."* Nie een van ons verdien om 'n kind van God te wees nie.
God bewys Sy liefde deurdat Jesus Sy lewe vir ons afgelê het. Joh. 15:13 *"Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee."*

Almal sal weet dat ons Sy kinders is, as ons mekaar liefhet. I Ware liefde teenoor ander sal bewys of ons werklik God liefhet. Besluit om vandag liefde aan iemand te bewys.

## Christus in ons

**Kolossense 1:27** *"...God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid."*

Een van die grootste ontdekkings wat jy en ek kan maak, is wanneer ons uitvind dat Christus in werklikheid in ons is. Dit is die verborgenheid of geheim waarvan hier gepraat word. En Christus in my gee my hoop – inteendeel, sonder Hom kan daar mos nie enige hoop wees nie.
Ek hoor mense sê dat hulle gebede nie hoër as die plafon gaan nie. Dit is nie nodig dat jou gebedes hoër as die plafon gaan nie, want Christus is in jou en hoor alles wat jy bid of sê. God het gesê in 2 Kor. 6:16 *"Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."*
Waar jy ookal gaan moet jy weet dat Jesus Christus met jou is omdat Hy jou lewe wil beheer deur Sy Gees.
Die Lewende Bybel stel Kol. 1:27 soos volg: *"Hy wou vir julle wys hoe groot en wonderlik hierdie geheime plan van Hom vir al die nasies is, ook vir die wat nie Jode is nie. Die geheim is dit: as Christus in julle woon, is daar vir julle ook die vooruitsig van die wonderlike toekoms wat God vir ons beloof het."*

Moet nooit twyfel dat Jesus Christus in jou woon nie.
Hy wat in jou is, is groter as hy wat in die wêreld is.
Jy is nie 'n "niks" nie en jy is instaat om enige iets te oorwin!

## Wat jy moet doen

**Judas vers 20** *"Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid."*
Die Boodskap: *"My liewe vriende, kom ek sê vir julle wat julle moet doen om op die regte pad te bly: Sorg dat julle geloof elke dag sterker word. Bou julle hele lewe op God. Laat toe dat die Gees kragtig deur julle werk wanneer julle bid."*

Judas, die skrywer van hierdie brief, is nie die Judas wat Jesus verraai het nie. Hierdie Judas was een van Jesus se broers, saam met Jakobus, Joses en Simon. (Markus 6:3) Hy was egter nie een van die apostels nie.
Judas vertel ons dat ons onsself moet opbou in die geloof, en dat ons moet toelaat dat die Heilige Gees kragtig deur ons werk wanneer ons bid.
Hoe sal ons onsself kan opbou in die geloof? Ek dink 1 Pet. 2:2 gee ons 'n antwoord op hierdie vraag: *"...verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat jul daardeur kan opgroei."* Moet nooit dink jy sal geestelik groei as jy nie 'n begeerte het om jou te Bybel lees nie. God se woord sal jou sterk maak en help om te oorwin in elke aanslag teen jou.
Ons moet ook leer om in die Heilige Gees te kan bid. Wat is dit? Dit is meer as gewone gebed – wat nie verkeerd is nie. As jy Rom. 8:26 met aandag lees, sal jy agter kom dat daar ook 'n ander dimensie van gebed is. Dit is wanneer jy bid en nie meer woorde het om te sê wat in jou hart is nie – dan kom die Heilige Gees en help jou in gebed. Wat ek hier probeer verduidelik sal net verstaan word wanneer jy dit ervaar.

As jy in die Gees bid sal jy hoor wat jy bid – woorde wat jy nie bedink het nie.
Jy is self verantwoordelik om jou op te bou in die geloof.
Neem 'n besluit om dit te doen na die beste van jou vermoë.

## "Sonder geloof..."

**Heb. 11:6** *"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag, want Hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."*

As iemand sy geloof in God verloor het, het hy alles verloor. Die woord "onmoontlik" in ons teks is belangrik. Ek verstaan dit so, as jy nie geloof het in die Here nie, dan is daar geen manier dat jy enige iets van Hom kan kry nie.
Wat is geloof? Volgens Heb. 11:1 beteken dit om seker te wees dat die dinge waarna ons uitsien, wel sal gebeur. Asook dat die dinge wat ons nie kan sien nie, wel daar is.
Martin Luther het na sy Universiteits-opleiding ontdek dat hy 'n sondaar is. Hy het vrede gesoek deur sy werke. Selfs deur nagte van gebed en deur die trappe van die St. Peters Katedraal op sy knieë uit te kruip. Maar alles was tevergeefs. Uiteindelik het God se woord tot hom deurgedring uit Gal. 3:11 *"...die regverdige sal uit die geloof lewe."* Toe hy dit verstaan, het daar vrede in sy binneste gekom.
As God iets eenkeer sê, is dit belangrik. Maar as Hy dieselfde waarheid 'n paar keer sê, beteken dit dat dit vir Hom baie belangrik is. Hierdie waarheid wat Martin Luther ontdek het vind ons ook in: Hab. 2:4; Rom. 1:17; Gal. 3:11 en Heb. 10:38. Dank God, as die vyand vurige pyle op ons afskiet kan ons die skild van geloof optel en elke pyl keer (en ook uitblus) dat dit ons nie tref nie. (Ef. 6:16)
As ons twyfel sal ons wees soos 'n golf van die see wat gedryf word deur die wind. Want hy wat twyfel moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie. (Jak. 1:6,7)

Dank God dat jy in Hom glo – weet dan dat Hy jou beloner is.
Natuurlik kan jy Hom vra om jou te versterk in jou geloof.
Moet net nooit jou geloof in God en Sy mense verloor nie.

# Fris en lewenskragtig

**Psalm 92:15** *"Selfs in hul ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees."*

Om te dink dat mense selfs in hul ouderdom sal toeneem in krag en dat hulle fris en lewenskragtig kan wees? Nie net deur pille en medikasie nie, maar omdat hulle gesalf is met vars olie. Hierdie "vars olie" in vers 11 verwys na die "salwing van die Heilige Gees." Selfs Jesus het gepraat van die salwing in Lukas 4:18 *"Die Gees van die Here is op My, omdat Hy (Sy vader) My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring..."*
Volgens Psalm 92 het God se Gees op ons gees, 'n effek op ons gesag (vers 11) Ons sal meer gesag hê as ons gesalf word met Sy Gees. Op ons oë en ore (vers 12 – jy sal nie na verkeerde goed wil kyk nie, of luister na lelike praatjies nie) Ook op ons geestelike groei (vers 13 – waar hy verwys na die groei van 'n palmboom). Dan verwys dit na ons standvastigheid (vers 14 – waar hy praat dat ons "geplant is in die huis van die Here").
Die woord "lewenskragtig" spreek ons aan en hoe begeer ons dit nie in hierdie tyd nie. Anna was 84 jaar oud maar beslis nog lewenskragtig. Sy kon selfs nog vas. (Lukas 2) Mirjam, Moses se suster, was 92 jaar oud toe sy gedans het voor die Here met 'n tamboeryn, terwyl sy gesing het: *"Sing tot eer van die Here, want Hy is hoog verhewe. Hy het die perd en ruiter in die see gewerp."* (Ex. 15:21) Dit is nadat die Here die Egiptenaars in die Rooisee laat omkom het. Mirjam was 12 jaar ouer as Moses en hy was op hierdie stadium reeds 80 jaar.

Ons kan ook lewenskragtig en fris wees, as Sy Gees ons lei.
Oud word speel 'n rol maar moet ons lewenslus nie keer nie.
Besluit om iemand te wees wat oorloop van Sy blydskap.

## As ek op my swakste is

**Psalm 116:6** Die Boodskap: *"Die Here beskerm mense wat aan die einde van hulle kragte gekom het. Ek was in so 'n situasie. Toe ek op my swakste was, het Hy my gehelp."*

Was jy al daar waar jy aan die einde van jou kragte gekom het? Is jy miskien nou daar? Jy voel daar is net geen oplossing vir jou probleem nie? Miskien het jy dit al oorweeg om, uit moedeloosheid, jou "geloofskild" weg te gooi?
Vir jou wil ek bemoedig met ons teks, naamlik: *"Toe ek op my swakste was, het Hy my gehelp."* Ek is oortuig dat die Here jou ook sal help. Sy belofte is dat Sy genade vir ons genoeg is.
2 Kor. 12:9,10 *"En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want My krag word in swakheid volbring...Want as ek swak is, dan is ek sterk."*
Ek het self al in die verlede gesien as daar nie veel krag by my is nie – dat ek sterk was.
Nou die dag het 'n prediker vir my gesê dat baie keer as hy moeg is, het die Here hom spesiaal geseën in sy boodskap wat hy moes bring. Is dit nie miskien só dat daar soms teveel van onsself in ons is nie?
Dit is 'n wonderlike gedagte dat die Here ons beskerm as ons aan die einde van ons kragte gekom het. Dit is so dat die Here spesiale beskutting bied vir Sy kinders in nood.
Soos wat die dassie skuiling soek in die skeur van die rots, wanneer die valk hom wil vang, netso moet jy skuiling vind in Jesus wat jou ewige rots is.

Glo die groot waarheid in ons Skrifgedeelte en maak dit jou eie.
Miskien moet jy nou iemand bel en hom/haar bemoedig?
Het jy aan jou einde gekom? Vir God is dit die begin!

## Ons wil Jesus sien

**Johannes 12:20,21** *"En daar was sommige Grieke onder die wat opgekom het om op die fees te aanbid; hulle het na Filippus gegaan wat van Betsáida in Galiléa was, en hom gevra en gesê: My heer, ons wil Jesus graag sien."*

Die Grieke het gekom om te aanbid en die eerste wat hulle vra was om Jesus te sien. Dit moet ook altyd ons doel wees wanneer ons kerktoe gaan om te aanbid – en dit is om Jesus te sien. Die duiwel sal sy beste doen dat jy Jesus nie sal kan sien nie.

Hy toon jou die sondes van jou mede-gelowiges. Dan wys hy jou ook jou eie swakhede. Hy wys jou iets wat nie reg is in die lied wat julle sing nie of dat iemand nie die korrekte klere aan het nie. Soms laat hy jou fokus op die ligte wat al so lankal stukkend is of die klankstel wat alweer nie reg werk nie. Natuurlik wil ons hê dat alles in die kerk netjies sal wees en dat alles reg sal werk. Hulle wat ons voorgaan in ons dienste moet ten alle tye 'n skoon lewe lei en 'n voorbeeld stel. Laat my dink aan die jongman wat getuig het in die kerk, toe 'n ou tannie opstaan en vra hy moet liewer gaan sit. Dit het 'n paar keer gebeur totdat sy gesê het: *"Jongman gaan sit liewer, ek kan nie mooi hoor wat jy sê nie – want jou lewe is in die pad!"*

Een ding weet ek en dit is Jesus word gesien as mense gered word asook wanneer hulle genees en bevry word. Ek het ook Jesus al gesien wanneer 'n huwelik herstel is.

Ek onthou van 'n egpaar in ons gemeente wat na 22 jaar van mekaar wou skei. Nadat God hul herstel het was Jesus so vol in hul lewens dat jy nie agter hulle kon sit in die kerk nie. Soos 'budgies' het hulle mekaar "opgeëet" van liefde. Ons kon Jesus sien.

Het jy 'n brandende begeerte om Jesus te sien?
Hou dan op praat oor negatiewe dinge – en nie oor die duiwel.
Raak gefokus as jy kerktoe gaan op dit wat waardevol is.

## Sukses in jou Roeping

**1 Korinthiërs 1:26** *"Want let op julle roeping...julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie..."*

Toe God jou gered het, het Hy jou geroep. Miskien nie as 'n voltydse prediker nie, maar verseker is jy geroep. God het 'n doel met jou, en jy moet Hom toelaat om dit in jou lewe te bereik. Jy sal sukses in jou roeping ondervind indien jy ten eerste sal raaksien wat jou roeping is. Daarom sê ons teks: *"let op julle roeping."*
Iemand het eenmaal die volgende gesê: *"God uses the nothings."* Dit is presies wat geskrywe staan in verse 26-28.
Jy sal sukses in jou roeping hê as jou roeping jou passie word. Soos wat Paulus se roeping vir hom was. (Hand. 20:22-24) Hy kon uitroep: *"...ek bekommer my glad nie...sodat ek met blydskap my loopbaan kan volbring..."* Weet ook dat God jou sal roep om te herstel wat jou laat huil en bid soos in die geval van Nehemia. (Neh. 1:1-6)
Jy sal sukses in jou roeping hê, indien jy die verkeerde dinge kan vergeet. (Fil. 3:13,14) Weet dat jou roeping misverstaan kan word deur jou familie en vriende, soos wat met Josef gebeur het. Hulle het sy roeping verwerp en hom uiteindelik as 'n slaaf verkoop. Onthou egter: *"Enemies turn nobody into somebody."*
Dawid was ook misverstaan deur sy familie. Tog was dit hy wat Goliat verslaan het. Goliat het van Dawid 'n kampioen gemaak – want as hy nie daar was nie kon Dawid nie 'n kampioen geword het nie. Dank God vir die Goliats in ons lewe – hulle bevestig die roeping wat God ons gegee het!

Moenie twyfel of jy 'n roeping het nie – want jy het.
Maak seker wat jou roeping is en mag dit jou dryfkrag wees.
Dank God alleen vir enige sukses wat jy bereik het.

## God maak deure oop

**Openbaring 3:7** *"Dit sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie."*

Een van die mooiste verhale in die Bybel vind ons in Hand. 12. Dit is waar Petrus bevry is uit die gevangenis, en toe hulle by die ysterpoort van die stad gekom het, het dit vanself vir hulle oopgegaan. Ek geniet dit ook as ek in die stad kom by deure wat vanself voor my oopgaan. Dit is wat God vir jou wil doen, want Hy maak deure oop.
Miskien bid jy dat 'n deur vir jou sal oopgaan? Moenie ophou bid nie, want God het die regte sleutel vir elke deur. As Hy 'n deur vir jou oopgemaak het, is daar niemand wat dit kan sluit nie. Indien jy oortuig is in jou hart dat jy die aanstelling moet kry kan jy maar bly glo, want die Here sal vir jou voorsien.
Dit is God wat die deur na genesing oopsluit. Ek het dit al baie gesien gebeur. Moet dus nooit ophou bid vir genesing nie. Want Sy belofte in 1 Pet. 2:24 bly 'n groot waarheid.
God kan ook finansiële deure vir jou oopmaak. Baie keer gebruik Hy net een persoon wat bereid is om na Hom te luister. My vrou en ek het dit al baie keer in die verlede ervaar dat wanneer daar druk op ons finansies gekom het die Here so voorsien het. Moenie dink God het jou vergeet nie, daar is nog mense wat hoor as die Here praat. Voorsiening kan ook kom deur 'n salaris verhoging of deur 'n onverwagte bonus.

Aanvaar dit dat God die sleutels het tot alle deure.
Vertrou Hom om die regte deur vir jou oop te maak.
Die deur wat Hy vir jou oopmaak sal Hy vir jou oophou.

# God se sleutels

**Matthéüs 16:19** *"En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees."*

Sleutels is om deure oop of toe te sluit. Ek weet nie watter deur jy wil oop of toe hê nie? Weet dat God se sleutels kan oopsluit en ook kan toesluit. En die wonderlike ding is dat God Sy sleutels aan ons toevertrou het. Natuurlik aan dié wat Hy kan vertrou.
In Matt. 5 tot 7 leer Jesus dat die wat rein van hart is God sal sien; vredemakers sal Sy kinders wees; Hy leer ons die belangrikheid van versoening; Jesus leer oor die huwelik; Hy leer oor liefdadigheid, gebed en vas en ook oor kwellinge. In al hierdie dinge kan ons Sy sleutels gebruik om geestelike deure vir ons oop te maak. Pas dit gerus toe in jou huwelik om oop en toe te sluit volgens Sy wil.

In Rom. 14:17 gee Paulus drie belangrike sleutels. Een sleutel is "Geregtigheid" en die 'Amplified Bible' sê: *"Righteousness – that state which makes a person acceptable to God."* As jy voor God rein gewas is met Jesus se bloed, het jy 'n kragtige sleutel in jou hand teen elke aanslag van die vyand, want die duiwel kan jou nie beskuldig nie. Lees gerus weer Rom. 8:1.
"Vrede" is die volgende sleutel. Vrede sal seëninge bring in 'n gesin en sal 'n gemeente laat groei. Ek sien kans vir enige probleem teen my gesin as ons vrede het in ons huisgesin.
Blydskap sal soos 'n muur jou beskerm.
Neh. 8:11 *"Die blydskap in die Here – dit is julle beskutting."*

Word daarvan bewus dat jy sleutels van God se koninkryk het.
Gebruik hulle om vir jou die nodige deure oop te sluit.
Waar daar aanvalle kom kan jy daardie deure toesluit.

# Strome van Lewende Water

**Johannes 7:38** *"Hy wat in My glo; soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."*

Die Boodskap praat van *"vars water wat uitborrel."*

As ons in God glo het ons 'n fontein in ons. 'n Fontein is 'n plek waar water uitvloei sonder dat dit uitgepomp moet word. Water kom uit 'n fontein omdat dit daar is.
Hoe voller die fontein is hoe makliker vloei die water uit. Ons dorp het baie fonteine. In tye dat dit baie gereën het, en die watervlak hoog is, vloei die water vrylik in ons tuine en paaie. Net so gaan dit met ons – hoe meer ons "lewende water" in ons het, hoe meer sal dit soos 'n fontein uitvloei.
Jy sal nie afval by 'n fontein se mond kan indruk om dit te stop nie. Die water van binne sal te sterk wees vir enige afval. Hoe meer "lewende water" in ons is, hoe sterker sal die vloei van God se water uit ons binneste kom om sodoende alles wat verkeerd is uit te druk. Daar is baie afval (Engels "trash") wat in ons lewens wil kom. Dit is net soos die baie "gemors pos" wat ons op ons rekenaar ontvang. Waar dit vandaan kom en hoe hulle ons adres in die hande gekry het, weet ons nie. Maar moenie "oopmaak" om dit te ontvang nie. "Delete" dit dadelik en blok dit. Net so moet ons verkeerde goed blok wat by ons ingang wil vind.
Jesus het nie gesê dat lewende waters net nou en dan uit ons binneste sal vloei nie. Hoe voller jy in jou gees is, hoe meer sal God se water uit jou vloei. In jou woorde en in jou gesindheid sal dit vir almal duidelik word wat werklik in jou is.

Jy moet natuurlik 'n dors hê na hierdie "lewende waters".
As jy gevul is met Hom sal die verkeerde nie kan inkom nie.
Mag die vars water in ons iemand bereik vandag.

## Die Here verander nie

**Maleagi 3:6** *"Want Ek, die Here, het nie verander nie..."*
Die Lewende Bybel: *"Ek is die Here – Ek bly soos Ek is sonder om te verander..."*

Ons wêreld leef in onsekerheid. Hierdie onsekerheid word nog meer aangeblaas deur die radio, televisie en koerante. Geen wonder dat daar mense is wat gladnie meer na nuus op hul televisie kyk nie.
Maar as jy 'n gelowige is dan het jy ankers waaraan jy vashou. Een anker is ons teks, naamlik dat God nooit verander nie. God het nie dubbel standaarde nie. Hy sê nie een ding vandag en die volgende dag iets anders nie. Dit is hoe hulle in die politiek maak. As jy die woord van die Here die finale gesag in jou lewe maak sal jy kalm en gefokus wees as almal om jou gespanne raak en geen hoop meer het nie.
Neem 'n duidelike besluit om deur die geloof te lewe en nie volgens wat jy sien of hoor nie. Wy jouself aan God se woord, dan sal daar niks wees wat jou vrede kan steel nie.
As God iets belowe het kan jy seker wees dat Hy Sy belofte sal nakom. Ons lees die volgende in 2 Kor. 1:20 *"Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen..."* Gaan kyk gerus weer na al die beloftes wat jy van God gekry het, en maak hulle weereens jou eie, want God verander nie. Sy tyd is nie ons tyd nie, maar dit verander niks aan Sy beloftes nie.

Werk aan die geduld wat jy nodig het om weer vars te glo.
Weet dat Hy, wat Here is, nie verander het nie.
Hou vas aan elke belofte wat Hy gegee het.

# Geen vrees in die liefde

**1 Johannes 4:18** *"Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees het nie volmaak geword in die liefde nie."*

Die Bybel se hoof boodskap gaan oor liefde. In 1 Kor. 13 vind ons 'n mooi beskrywing van liefde, en dit sluit af met *"En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.* (v.13) Geloof en hoop is iets besonders, tog glo Paulus dat die grootste is liefde.
Hierdie verklaring wat Johannes maak in ons teks, spel 'n groot waarheid uit. Dit kom hierop neer – as jou lewe vol is van God se liefde is daar geen plek vir enige vrees nie. Toets gerus jouself hiermee. Die straf wat vrees insluit is talryk. Een hiervan is dat dit jou beroof van alle blydskap en vrede, en 'n mens wat vrees is 'n mens wat nie maklik kan oorwin nie.
Vrees knaag aan elke mens en steel ons energie. Vrees vir die onbekende, vrees dat ons weer iets verkeerds gaan doen. Geen wonder daar is 366 'Moenie bang wees' opdragte in die Bybel. God se volmaakte liefde help ons om anders op te tree teen enige vrees wat wil opstaan in ons lewe. Dorothy Bernard het dit raak opgesom toe sy gesê het: *"Moed is net vrees wat gebid het."*

Sê: *"Die Here is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees?"*
Glo dat Sy liefde sal alle vrees uitdryf uit jou lewe en jou gesin.
Sing: *O, stort dit tog uit in my siel – die liefde van Emmanuel."*

## Weer geroep

**1 Samuel 3:8** *"En die Here het Samuel weer geroep vir die derde maal; en hy het opgestaan en na Eli gegaan en gesê: Hier is ek, want u het my geroep. Toe merk Eli dat die Here die seun geroep het."*

Dit is iets wonderliks wanneer God jou roep om iets vir Hom te doen. Weet dit, dat God jou sal roep totdat jy antwoord gee. Dink selfs wat met Jona gebeur het. Ons lees in Jona 3:1,2 *"En die woord van die Here het die tweede maal tot Jona gekom en gesê: Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Nineve, en verkondig daar die boodskap wat Ek jou sal sê."* Toe Jona vir die tweede keer geroep was, het hy geluister en gegaan. Gewaar jy dat die Here jou weer roep? Vir jare was Jesaja 'n geroepe profeet maar in Jes. 6:8 vind ons dat die Here hom weer roep. Hierdie roeping het plaasgevind nadat koning Ussia gesterf het. (Lees eerste sin in vers 1) Watter "koning" moet in jou lewe sterf voordat God jou weer kan roep?
"'n Koning" spreek van enigiets wat 'n mag oor jou het. Jesaja moes eers sy eie sondige toestand bely het, voordat die Here hom geroep het. Lees gerus vers 5. Selfs as profeet het hy homself gebind met sy negatiewe woorde. Bely wat nodig is en ek verseker jou dat jy weer die Here se stem sal hoor. Rom. 11:29 in Die Lewende Bybel, is so waar: *"Want as God mense geroep het en dinge aan hulle gegee het, dan trek Hy dit nie weer terug nie."*

Skep moed en wakker Sy gawes aan in jou lewe. (2 Tim. 1:6)
Gee ag as die Here jou roep om iets vir Hom te doen.
Hoeveel keer het God jou al geroep – en het jy geluister?

**"As My volk sal bid..."**

**2 Kronieke 7:14** *"...en as My volk, oor wie My Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en My aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees."*

Gistermiddag (28/2/16) was ek by 'n geleentheid waar verskillende kerke saamgekom het om vir ons dorp en ons land te bid. Ek het verneem dat meer as 'n honderd sulke geleenthede in ons land was. Dank God, Sy volk wil bid!
Ek hoop jy stem ook saam dat ons land en sy mense 'n ingryping van God nodig het? Ons word opgeroep om ernstig te bid vir ons families, dat gesinne herstel sal word, en dat vaders as geestelike pilare sal uitstaan vir die Here. Ons moet bid vir herlewing in alle kerke regoor ons land. Vir Munisipaliteite, dat dienste verskaf sal word. Ons moet bid vir ons gereg, dit sluit die Polisie in. Vir hulle beskerming en teen korrupsie.
Ons wend 'n groter poging aan om te bid vir ons regering, dat waardige leiers gekies sal word, wat geen bedrog sal verdra nie. Ons vra God dat ons land sal herstel van die verskriklike droogte en dat ons boere en hul werkers beskerm sal word, sodat daar kos op ons tafels sal wees.
Ons bid ook vir die onrus by die Universiteite, dat daar rus onder ons studente sal kom. Ons bid ernstig vir ons myne dat die myners in veilige omstandighede sal werk en dat daar harmonie tussen die verskillende taalgroepe sal wees.
Voeg jou eie lys hierby en besluit jy gaan jouself verootmoedig en God soek in gebed. Wanneer jy in jou motor ry op pad na jou werk – skakel gerus jou radio af en bid tot God!

As ons ernstiger begin bid sal ons die duidelik verskil sien.
God is die hoorder en antwoorder van gebed.
Kry iemand om saam met jou te stem in gebed. (Matt. 18:19)

# Redding vir my huis

**Lukas 19:9** *"Toe sê Jesus aan hom: (Saggeüs) Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom, aangesien hierdie man ook 'n seun van Abraham is."*

Die Boodskap: *"Jesus sê toe: Vandag het God jou lewe splinternuut gemaak omdat jy My in jou huis toegelaat het. Jy tel nou ook onder die kinders van Abraham..."*

Jesus se verklaring in ons teks was gedoen omdat die volgende vooraf plaasgevind het. Saggeüs het moeite gedoen en in 'n boom geklim om Jesus te kon sien. Die redding van sy huis het net hier begin. Hoe ernstig is ons om die Here te ontmoet?
Jesus se verklaring in ons teks was omdat hy Jesus met blydskap ontvang het. (v. 6)
Ek weet vandag dat die redding van my huis reeds begin het toe ek Jesus aangeneem het as 'n jong seun van sestien. Dit was op 'n bosveld plaas in daardie tyd se Noord Transvaal.
Die redding van Saggeüs se huis het ook begin toe hy gesê het in vers 8: *"Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes; en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug."* Vandag is my gesin van vier seuns en hulle families geseënd omdat ek ook 'n gewer geword het, en hulle dit ook geleer het.
Die grootste rede waarom daar redding vir Saggeüs se huis gekom het was omdat hy bereid was om reg te maak met mense wat hy benadeel het. Vroeër was restitusie 'n redelik algemene saak. Ek weet dat mense nie Nagmaal gebruik het voordat hulle eers versoen het nie. Dit was daardie dae die krag in die kerk. Ek onthou ook van 'n broer in Klerksdorp, wat by die myn gewerk het en drie sakke gesteelde goed terug geneem het na die myn. Op dié manier het hy redding vir sy huis gebring.

Wat jy ookal doen moet jy seker maak dat jou huis gered word. Saggeüs se lewe is vir ons 'n voorbeeld, wat ons moet doen. Besluit opnuut dat jy en jou huis die Here waarlik sal dien.

## Moenie die Gees seermaak nie

**Efesiërs 4: 30** *"En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing."*
The Amplified Bible: *"And do not grieve the Holy Spirit of God [do not offend or vex or sadden Him] by Whom you were sealed...for the day of redemption..."*

Neem kennis Sy Naam is "Heilige" Gees. Dit is dus duidelik dat God se Gees heilig is. Dit maak Hom baie sensitief vir alles wat verkeerd is. Lees weer met aandag vanaf vers 25 en kyk net wat bedroef die Heilige Gees.
Dit begin met wanneer ons 'n leuen vertel. *"Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid..."* (v.25) Wanneer ons kwaad word. *"Word toornig (kwaad) en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor jou toorn nie."* (v.26) Wanneer ons goed vat wat nie aan ons behoort nie. *"Laat die een wat steel, nie meer steel nie..."* (v.28) Wanneer ons nie reg en mooi praat nie. *"Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting..."* (v.29) Al hierdie bogenoemde dinge bedroef God se Gees, en ek is seker ek praat met mense wat nie Sy hart wil seer maak nie. Kom ons wees dus baie sensitief en sorg dat ons só sal lewe dat God oor ons sal glimlag. Ek weet dit is nie altyd maklik nie, maar neem 'n besluit om Hom te ken in alles. Sy Gees wil jou lei in al die waarheid – Hy wil jou versterk en jou help in die besluite wat jy neem.

Die Heilige Gees is jou Trooster, Helper en Advokaat.
Hy woon in jou om rigting te gee in jou lewe.
Wees altyd bewus daarvan – en bedroef Hom nie.

## Ek gaan graag kerk toe

**Psalm 26:8** Boodskap: *"Ek gaan graag kerk toe; daar beleef ek saam met ander gelowiges U grootheid op 'n ongelooflike manier. Ek is lief vir U teenwoordigheid."*

Gaan jy graag kerk toe? Kan jy soms nie wag om die volgende diens by te woon nie? Natuurlik praat ons vandag, as Nuwe Testamentiese gelowiges, dat jy en ek die kerk is. Ons praat egter hier van "die kerk" as ons verwys na dié plek waar ons saam met ander aanbid. Ek geniet dit ook om kerktoe te gaan. Om ander gelowiges te groet, om saam te aanbid en ook te luister na die woord van die Here.
In die Ou Testament is daar 'n verhaal van vier konings wat as voorbeelde dien rakende die huis van die Here. Hierdie verhaal vind ons vanaf 2 Kron. 26 tot 2 Kron. 29.
Die eerste koning was Ussia. Hy was maar sestien jaar oud toe hy koning geword het. Die eerste deel van sy regering het hy gedoen wat reg was, maar word toe hoogmoedig. Hy het in die tempel gegaan en 'n priester se werk gedoen. Hy word melaats en *"was van die huis van die Here uitgesluit."* (2 Kron. 26:21) As 'n melaatse het hy gesterf. Sy seun, Jotam, word so kwaad vir die Here dat hy gladnie kerktoe gegaan het nie. Israel het toe verder in hul sonde voortgeleef. (2 Kron. 27:2)
Daarna lees ons van koning Agas. Eers het hy God opreg gedien. (2 Kron. 28:1) Later het hy alles stukkend gebreek in die tempel (die kerk) en die deure toegesluit dat ander nie kon ingaan nie. (2 Kron. 28:24) Is dit nie wat baie vandag doen nie? Hulle gaan self nie kerktoe nie maar hulle verhinder ander om te gaan. Gelukkig daag Hiskia op, wat van die begin van sy regering die tempel (die kerk) se deure weer oopgemaak het en alles binne die tempel herstel het. (2 Kron. 29:3)

Hoe lief is jy vir die huis van die Here? Het dit vir jou waarde? Sê jy ook soos Dawid in Ps. 122:1? *"Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die Here gaan."*

**"Here, maak my rustig"**

**Psalm 94:19** *"As my gedagtes binne-in my vermenigvuldig, dan verkwik U vertroosting my siel."*

Die Boodskap: *"As ek bekommerd begin word, dan dink ek maar net daaraan dat U vir my sorg. Dan word ek weer rustig."*

The Living Bible: *"Lord, when doubts fill my mind, when my heart is in turmoil, quiet me and give me renewed hope and cheer."*

As ons die aanvalle in ons gedagtes kan oorwin, dan sal ons baie ander dinge oorwin. Wanneer jy weer bekommerd raak, dink daaraan dat dit die Here is wat vir jou sorg. Leer om tekse te ken en gebruik hulle teen elke aanval in jou gedagtes.
As vrees jou wil oorweldig, gebruik 2 Tim. 1:7 wat sê: *"Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing."* Weier dat vrees 'n oop deur in jou gedagtes sal kry. Weet ook dat die meeste dinge wat ons vrees nooit sal gebeur nie. Vra bejaarde mense of hulle hierdie waarheid ontdek het?
Daar is iets soos "natuurlike vrees" daarom sal jy vinnig padgee as daar 'n vragmotor op jou afstorm. Maar dan kry jy 'n tipe vrees wat jou mal wil maak. Jy kan nie rustig slaap as hierdie soort vrees jou gedagtes aanval nie. Dit is wanneer jy "vasgedruk" word in jou binneste. Wanneer dit gebeur, weet dan dat God daar is om jou rustig te maak en jou weer nuwe hoop te gee. Soos die Boodskap dit stel: *"...dan dink ek maar net daaraan dat U vir my sorg. Dan word ek weer rustig."*

Ek vertrou dat hierdie "Dagstukkie" vir jou vandag moed gee?
God sal jou rustig maak deur Sy woord wat jy moet bely.
Bely? Ja, herhaal (hardop) 'n teks teen enige geestelike aanval.

# Ons behoort te beplan

**Spreuke 16:9** *"'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop."*

Die Boodskap: *"Elke mens beplan sy lewe, maar alles hang van die Here af."*

Om enige sukses in die lewe te bereik behoort jy 'n plan te hê. 'n Mens sonder 'n plan is soos 'n bouer wat wil bou sonder dat hy 'n bouplan het. Hy sal meer afbreek as wat hy sal bou. Met 'n planlose mens sal dit ook só gaan.
Baie geleenthede sal op jou pad kom, maar jy moet altyd seker maak dat jy 'n plan in jou hart het. Ja, jy moet ook verseker weet wie jy is en waarheen jy oppad is.
Een ding wat jy tog nie moet doen nie is om jou plan vir almal te vertel, want baie sal nie weet hoe om dit te hanteer nie. Ons dink aan Josef wat sy toekoms beplanning met sy broers gedeel het en uiteindelik as 'n slaaf verkoop was.
Die plan wat jy het (die droom in jou hart) is belangrik genoeg dat jy dit kan neerskryf.
Jy kan dus jou pad vorentoe beplan, maar moet nooit vergeet dat alles hang van die Here af. Die Lewende Bybel stel dit weer só: *"In 'n mens se gedagtes beplan jy wat jy gaan doen, maar dit is die Here wat 'n mens se toekoms bepaal."*
In The Amplified Bybel lees ons in Spr. 16:3 *"He will cause your thoughts to become agreeable to His will, and so shall your plans be established and succeed."* As jy dié teks verstaan sal jy weet hoe om sukses te bereik.

Jy en ek kan en mag beplan. Droom groter as ooit tevore!
Hou dan net in gedagte dat alles van God afhang.
As jy Sy woord in jou hart toelaat, sal jou planne waar word.

# Praat die waarheid

**Sagaria 8:16** *"Wat julle moet doen is dit: Praat die waarheid met mekaar, laat die waarheid en die reg geld in julle regspraak sodat daar vrede onder julle kan wees."*

In 2 Kron. 18 is daar 'n verhaal wat vir ons wys hoe belangrik dit is om waarheid te praat. Dit is waar twee konings, Agab en Josafat, nie die waarheid wou hoor nie. Daar was 'n profeet, met die naam van Miga, wat net die waarheid wou praat.
In ons verhaal stuur dié konings 'n boodskapper na Miga wat hom voor die tyd oorreed om te sê wat die konings wou hoor. Daar was daardie dag 400 profete voor hierdie twee konings. Daarby het Sedekia voor almal gedans met horings en geprofeteer wat die konings wou hoor. Te midde hiervan was Miga onverskrokke en het net gesê wat hy van God ontvang het. Hy was 'n man van integriteit en sy antwoord vind ons in 2 Kron. 18:13 naamlik: *"...So waar as die Here leef, wat God my sal sê, dit sal ek spreek."* Dit moet ons optrede wees. Praat net die waarheid. Waarheid sal jou vrymaak. (Joh. 8:32)
Met die Presidents-verkiesing in Ukraine (2004) was daar 'n tolk wat vir die dowes in die Parlement (en ook oor televisie) moes tolk. Haar naam was Natalya Dmytruk. Sy moes leuens tolk, naamlik dat Viktor Yushchenko, die verkiesing verloor het. Natalya het net waarheid geken en het gesê: *"Our president is Viktor Yushchenko. Do not trust the results of the Central Election Committee. They are all lies."* Yushenko het president geword en Natalya Dmytruk het beroemd geraak!

Twee mooi voorbeelde: Miga asook die Russiese tolk, Natalya? Dit is net waarheid wat vry maak – leuens skep net probleme. Praat dus net die waarheid met elke mens wat jy sou ontmoet.

# Jou mond beïnvloed jou lewe

***Spreuke 13:3*** *"Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe; wie sy mond nie kan hou nie gaan sy ondergang tegemoet."* Die Boodskap: *"Hy wat sy mond kan hou, bly uit die moeilikheid uit. 'n Kletskous praat maklik sy mond verby en beland in groot moeilikheid."*

Wat ons praat beïnvloed ons denke, emosies en wil. Wat jy en ek praat beïnvloed ook ander mense positief of negatief. Vra dus die Here om 'n wag voor jou mond te sit. Bepeins ook weer opnuut die volgende Skrifgedeeltes.
Spr. 18:21 *"Dood en lewe is in die mag van die tong."* Daar is meer mag in ons woorde as wat ons ooit kan dink. Wees meer as versigtig wat uit jou mond kom. Weet ook dat jy met groot gesag jou mond kan gebruik om oorwinning te spreek.
Spr. 15:1 *"'n Sagte antwoord laat woede bedaar, maar 'n woord wat seer maak laat die toorn opkom."* As jy baie kwaad geraak het – leer om sagter te praat.
Spr. 16:24 *"Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek: soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente."* Watter groot verskil is daar in aggressiewe woorde teenoor vriendelike woorde!! Vriendelike woorde is beslis soet vir jou siel en dit dra by tot genesing in mense se lewens. Wanneer jy weer 'n sieke besoek, dink aan hierdie teks, en moenie praat oor jou moeilikhede en die politieke probleme van ons land nie. Vermy dit en sorg dat jy dinge praat wat opbouend is vir mense.

Om reg te praat geskied nie oornag nie – werk daaraan. Wees ernstig en vra jou geliefdes om jou hierin te help. Sorg dat jy baie Bybel lees asook goeie gesonde boeke en tydskrifte.

# Vergeefde sondes bestaan nie meer nie

**Kolossense 2:14** (Die Lewende Bybel) *"Hy het `n streep getrek deur die rekening van ons skuld, die lys van al die wette wat ons oortree het. Dit het alles teen ons getel, maar God het hierdie rekening* ***tot niet gemaak*** *toe Hy dit teen die kruis vasgespyker het."*

Vergifnis is iets wonderliks. Dit is ook 'n boodskap wat ons meer as eenmaal kan hoor. Dit is dié boodskap wat jou sal help om die hemel te bereik.
Ek dink terug aan 'n grafsteen in Vryheid waar iemand op sy/haar grafsteen net een woord laat graveer het, en dit was die woord "Vergewe." Daar was nie 'n naam of datum op die grafsteen nie, maar net hierdie een woord. Jy sien, mooi woorde op 'n grafsteen maak nie die hemel se poorte vir enige persoon oop nie. Alleenlik hulle wat waarlik vergewe is deur die prys wat Jesus Christus aan die kruis betaal het.
Ps. 103:12 sê dat God ons sondes so vêr van ons verwyder soos wat die Ooste van die Weste is. Nie soos wat die Noorde is van die Suide nie. Noord en Suid kan bepaal word, maar geen mens kan Oos en Wes bepaal nie. Loof die Here, God verwyder ons sondes so vêr weg van ons dat ons dit nooit weer sal kry nie.
Hoekom kry jy dan mense wat kort-kort hul (en ander) se sondige verlede weer wil oopkrap? In Jer. 31:34 lees ons dat God nie weer aan ons sondes sal dink nie. As God nie daaraan dink nie, moet jy en ek ook nie daaraan dink nie.

Dank die Here weer opnuut dat jou sondes vergewe is. Onthou ook dat vergeefde sondes bestaan nie meer nie. Leef soos iemand wat hierdie waarheid van harte glo.

**Is ek waardig genoeg?**

**Psalm 15:1** "'n Psalm van Dawid. Here wie mag vertoef in U tent? Wie mag woon op U heilige berg?"
Die Boodskap: "Here, watter mens mag voor U kom staan? Wie mag in U huis instap, daar waar U spesiaal teenwoordig is?"

Wanneer jy hierdie hele Psalm deurlees, dan wonder jy of jy waardig genoeg is om in God se teenwoordigheid te kom. Hy is dan so heilig en ons so onwaardig.
Gelukkig, nadat Jesus vir ons saligheid gebring het, lees ons in Heb. 4:16: "Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."
Nog 'n waarheid lees ons in 2 Kor. 5:17, naamlik dat ons 'n nuwe skepsel geword het in Jesus Christus – dat die ou dinge verbygegaan het en alles nuut geword het. Die Boodskap vertaal dit: "Nou weet ek dat wanneer iemand aan Christus behoort, hy 'n splinternuwe mens is; 'n nuwe skepping in die kleine. Al die ou sondige dinge is dan iets van die verlede."
As jy dit verstaan dan weet jy dat jy waardig genoeg is om in God se teenwoordigheid te mag gaan. Onthou ook, as kind van die Here, is daar geen veroordeling vir jou nie. (Rom. 8:1)
'Gaan leef nou soos jy reeds is! Hoe meer jy bereid is om in Sy teenwoordigheid te leef, hoe meer maak die Heilige Gees jou 'n Psalm 15-mens.' (24/7 Bybel)

Moet nooit weer glo jy is nie waardig genoeg nie.
Help ander gelowiges ook om dit te glo en te aanvaar.
Steek jou hand uit na hulle wat voel hulle is vêr van God af.

# Veg die regte vyand

**Efésiers 6:12** Die Lewende Bybel: "Daar is 'n oorlog aan die gang en ons veg ook daarin. Maar die vyand met wie ons te doen het, is nie 'n mens nie. Ons veg teen die onsigbare engele van die satan en teen sy magte wat in hierdie donker tyd waarin ons lewe die wêreld oorheers. Hulle is bose geeste wat van buite die aarde af kom."

Die grootste fout wat ons kan maak is om die verkeerde vyand te veg. As ons net kan onthou dat ons stryd in hierdie lewe is nie teen mense nie, maar teen hulle wat ons nie met ons oë kan sien nie. Soos ons teks dit stel: "Ons veg teen die onsigbare engele van die satan en teen sy magte..."
Ai, as elke getroude paar maar net hierdie waarheid kan snap, sal daar nie so baie egskeidings wees nie. Vir elke man en vrou wil ek uitdaag en vra dat jy 'n plek sal kry waar jy jouself kan afsonder (op 'n gereelde basis) en in gebed die ware vyand kan veg met God se woord. Hierdie ware vyand is die duiwel en sy magte. Spreek die seën van die Here uit oor jou lewensmaat en spreek die bose magte aan in die naam van die Here. Gebruik al die Skrifgedeeltes wat jy ken – skryf hulle neer en bid elke teks hardop.
Dieselfde beginsel gebruik jy rakende enige aanval teen jou. Selfs in besigheid sal die siele-vyand ook kom om probleme te skep en verdeeldheid te saai. Kyk verby al die mense wat betrokke is in besigheid en "veg" die bose magte wat dit aanval.

Dank God dat Hy ons wapens gegee het vir elke geveg.
Jou sterkste wapen is die woord van die Here.
Sorg dat Sy woord in jou hart en in jou mond is.

# Bid vir wysheid

**Jakobus 1:5** *"En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word."*

Dit is wonderlik om te dink dat as ons wysheid kortkom kan ons dit van die Here bid en dit is nog wonderliker om te dink Hy sal ons nie verwyt nie.
Dit is belangrik dat ons die Here gedurig moet vra vir wysheid.
Sy wysheid wat Hy aan ons gee is: Rein; vredevol; vol medelye (neem ander se gevoelens in ag); onpartydig en opreg. Alles oor wysheid sal jy vind in Jak. 3:17.
Wysheid is die vermoë om te weet hoe God wil hê jy moet optree in elke situasie.
Wysheid praat van haarself in Spr. 8:11-13 *"My goeie raad vir 'n gelukkige lewe is baie meer werd as jou peperduur juwele. Dis kosbaarder as enigiets wat jy kan begeer. Wysheid moet gesien kan word daar waar mense moeilike situasies reg hanteer, daar waar die regte woorde op die regte oomblik gesê word. Onthou, wysheid begin by liefde vir die Here. Wie Hom liefhet, haat dinge soos om te veel van jouself te dink. Wysheid verag 'n verkeerde manier van leef en praat."* (Die Boodskap)

Vra die Here om jou elke dag wysheid te gee.
Die wysheid soos wat hierbó verduidelik word.
Onthou: Wysheid begin by vrees van die Here. (Spr. 9:10)

## Hoe oorwin jy jou reuse?

**1 Samuel 17:45** *"Maar Dawid sê vir Goliat: Jy wil teen my veg met jou swaard en jou spies, maar ek veg teen jou in die naam van die almagtige Here, die God van Israel se leërs wat jy so uitgedaag het. Vandag gee die Here jou in my mag. Ek sal jou platslaan en jou kop afkap..."* (Die Lewende Bybel)

Jou "reuse" wat jy moet oorwin kan wees 'n siekte, 'n finansiële krisis, werk wat jy nie kry nie, huweliksprobleme...en so kan ons 'n lang lys byvoeg. Kom ons leer vandag opnuut by Dawid, wat daardie dag tussen hom en Goliat gebeur het.
Dawid het Goliat oorwin nog voordat die klip van sy slingervel Goliat se voorkop getref het. Hy het hom oorwin deur die woorde wat uit sy mond gekom het. Dawid se verhouding met God was ook reg, want in vers 26 spreek Dawid vir Goliat soos volg aan: "Jou onbesnedene" met ander woorde "Goliat, jy het geen verbond met God nie – maar neem kennis, ek wel."
Jy en ek staan ook in 'n verbond met God. Wie ons aanraak, raak God aan! Ek wou dit eenvoudiger gestel het deur te sê: Wie met my "sukkel, sukkel" met die Here. Praat soos Dawid en maak seker dat jou verhouding reg is met God – en jy sal oorwin!
Die Griekse vrou in Markus 7 het ook haar "reus" oorwin omdat sy woorde van geloof gespreek het. (Lees verse 26-28) Haar dogter was gebind deur 'n onreine gees. Jesus eer haar geloof, omdat sy reg gepraat het. In Mark. 7:29 lees ons *"En Hy sê vir haar: Ter wille van **hierdie woord** kan jy gaan; die duiwel het uit jou dogter uitgevaar."*

Spreek woorde van geloof teenoor elkeen in jou gesin.
Ek het selfs in die nag oor my kinders seën uitgespreek.
Let veral op watter woorde jy gebruik teenoor jou reuse.

**Verliese kan omgedraai word**

**Romeine 8:28** *"En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na Sy voorneme geroep is."*

Die Boodskap: *"Ons kan nou van een saak seker wees: God gebruik elke ding wat in ons lewens gebeur om Sy doel te bereik. Vir ons wat vir God liefhet, werk alles tot ons beswil uit."*

Hierdie is 'n baie bekende teks, maar ek moet erken dat dit deur die jare nie 'n maklike een was om altyd te verstaan nie. Omdat dit God se woord is moet ons dit aanvaar.
Verliese en teleurstellings kom oor ons as mens. Maar weet dit: Jy kan die Here vertrou om verliese om te draai na oorwinning en seën. God weet wat dit is om verliese om te draai na oorwinning. Hy het meer verliese gely as enige mens wat nog ooit geleef het. Dink aan die volgende: Hy het Lucifer, Sy hoof engel en aanbidder, verloor omdat hy homself wou verhoog het bokant God. Daarby het Hy een-derde van Sy engele verloor toe Lucifer uit die hemel gesit is. Tel alles op dan sal jy sien God het baie verloor.
Maar ten spyte van dit alles is God nie 'n verloorder nie. God is die grootste wenner wat daar kan wees. In die plek van Lucifer het God 'n ontelbare skare van aanbidders gekry wat Hom vandag in gees en in waarheid aanbid. Mense wat na Sy beeld gemaak is.
Moenie bedroef word oor jou verliese nie, maar vertrou die Here om jou te help om dit te omskep in 'n oorwinning en seën vir jouself en ander.

Ek weet nie iets van jou verliese nie – ek ken nie jou seer nie. Mag ek jou iets vra? Beweeg nie weg van God nie, maar nader. Vertrou Hom om jou verliese te omskep in 'n oorwinning.

# Krag in ons mond

**2 Korinthiërs 4:13** *"En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het – soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het ek gespreek – glo ons ook, daarom spreek ons ook."*

Daar is skeppingskrag in ons mond. Ons is nie soos God wat alles kan skep nie, maar tog het ons dieselfde Heilige Gees in ons wat deur ons werk sodat ons dinge wat nie eers bestaan nie, kan roep asof dit bestaan. (Rom. 4:17)
Ons lees ook in Rom. 10:8-10 *"Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."*
Met die hart glo jy en met die mond bely jy. Moenie net glo met die hart nie. Wat jy glo met jou hart moet by jou mond uitkom.
Dit help dus niks om tekse aan te haal as jy dit nie glo nie, want dit sal jou niks help nie. Die duiwel ken ook die Bybel, maar dit help hom niks omdat hy dit nie glo nie.
Lees weer in Luk. 4 waar die duiwel Jesus versoek het en Skrif gebruik het. Elke keer het Jesus hom geantwoord met: *"daar staan ook geskrywe."* Wat Jesus gesê het, het Hy geglo. As jy die Bybel glo, kan jy sê wat daar geskrywe staan.
Jy kan besluit wat vandag uit jou mond sal kom. Aan die eenkant wees versigtig wat jy praat en aan die anderkant weet dat jy gesag in jou mond het.

Hoor wat sê die Bybel in 1 Petrus 3:10:
*"Want wie die lewe wil liefhê en goeie dae wil sien, moet sy tong bewaar vir wat verkeerd is..."*

**Wat is op jou "Doen" lys?**

**Kolossense 4:17** *"En sê aan Archippus: Gee ag op die bediening wat jy ontvang het in die Here, dat jy dit vervul."*
Die Boodskap: *"En, o ja, sê asseblief vir Argippus dat hy moet volhou met die taak wat die Here vir hom gegee het. Hy moet sorg dat hy dit klaarmaak."*

Paulus is besig om opdragte te gee aan die gemeente van Kolosse. Voor hy afsluit met sy brief, voeg hy hierdie gedeelte by. Treffend, hy het nie net die belang van die hele gemeente op sy hart nie, maar ook van een persoon, naamlik Archippus. Ons weet nie veel van Archippus nie maar dat hy deel was van die gemeente (selgroep) wat in Filémon se huis was. Ons lees daarvan in Filémon vers 2.
In ons kerke is daar baie onvervulde en frustreerde mense, en die hoofrede is omdat hulle nie die opdragte wat hulle van die Here ontvang het, doen nie. Raak jy ook frustreerd, net soos ek, as jy dinge het om te doen en jy doen dit nie?
Het jy agtergekom dat as jy dorp toe (of stad toe) gegaan het, jy so lekker voel as jy alles gedoen het wat op jou lys was om te doen? Jy sal net so voel as jy doen wat op jou geestelike lys geskrywe staan. As jy nie "'n Doen-lys" het vir wat jy geestelik wil doen nie, stel dadelik een op. Voeg daarby die sieke wat jy moet bemoedig en die kruideniers wat jy vir iemand moet gaan gee, en doen dit. Vrede sal oor jou toesak, namate jy afmerk wat op jou lys staan. Daar sal voorwaar vervulling in jou hart wees.

Een probleem is wanneer ons gedurig uitstel om dinge te doen.
Nog 'n probleem is as ons nie seker is wat ons moet doen nie.
Kry dus duidelikheid in jou hart en vervul wat jy moet doen.

**Die Trooster, die Heilige Gees**

**Johannes 14:25,26** *"Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly; maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."*

Die Griekse woord wat in die Bybel gebruik word vir Trooster is "parakletos" en dit beteken dat Hy die een is wat altyd by ons sal wees. Ja, die Trooster is die Heilige Gees, en die Heilige Gees is die Trooster.
In 'The Amplified Bible' word verduidelik wie die Trooster is, naamlik: *"Counselor, Helper, Intercessor, Advocate, Strengthener, Standby."* Dit is 'n pragtige beskrywing van die Heilige Gees, want Hy is die een wat ons raad gee en ons help as ons dit nodig het.
Die woord in Engels "Intercessor" word in Afrikaans vertaal as "Voorbidder." Dit is iemand wat in gebed intree vir ander se behoeftes. Die Heilige Gees is daar om ons te help hoe ons moet bid, soos wat ons lees in Rom. 8:26: *"En net so kom die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge."*
Hy is verseker die beste advokaat. Hy sal vir jou selfs die woorde gee wanneer jy in nood is, volgens Matt. 10:19-20, sodat jy nie bekommerd sal wees wat jy moet sê nie.

Dank die Here opnuut vir die Trooster, die Heilige Gees.
Hy is jou Trooster; Raadsman; Advokaat; Helper en Bystand.
Probeer jou bes om Hom nie te bedroef nie. (Ef. 4:30)

## Vergeef as jy iets teen iemand het

**Markus 11:25** *"En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe."*

Die meeste stop by vers 23 en 24, wanneer hulle met hul "berg" van probleem praat. Onthou jy staan nou voor jou probleem wat so groot is soos 'n berg. Terwyl jy daar staan is daar nog iets wat jy moet doen, en dit is: "Vergeef as jy iets teen iemand het."
Want dit is moontlik dat indien jy nie vergewe nie, sal jou probleem ook nie padgee nie.
Hier is 'n ware storie. Jare gelede het 'n vrou wat 33 jaar getroud was my kom sien. Sy en haar man het so pas teruggekom van 'n vakansie in Durban. Tot haar skok het sy op briewe afgekom wat hy en 'n dame, wat hy in Durban raakgeloop het, aan mekaar geskryf het. Ek praat nou van ernstige liefdesbriewe. Sy was woedend.
My raad aan haar was dat sy 'n prokureur gaan sien, wat haar sou help om van hom te skei. Dit wou sy nie doen nie want sy was nog baie lief vir hom. Natuurlik was my beste raad aan haar dat sy haar man sou vergewe. Net daar in my studeerkamer, het sy met trane inmekaar gesak en ernstig die Here aangeroep, terwyl sy haar man vergewe het.
Daardie aand sou sy 'n spesiale ete voorberei, en haarself ekstra mooi maak vir dit wat sou plaasvind. Sy moes hom alles vertel van die briewe en hom net daar vergewe.
Haar man het voor God opgebreek, ook sy vrou se vergifnis aanvaar. Vir 'n week gehuil en sy lewe reggeruk om weer vurig God te dien. Saam het hulle gelukkig oud geword!

Om te vergewe is iets wonderliks – dit bring totale bevrydig.
Dit is nie so moeilik as wat ons dit soms maak nie.
Is daar iemand wat jy moet vergewe? Doen dit dadelik.

## **"Ek span my in..."**

**Filippense 3:14** *"Ek span my in om by die wenstreep te kom sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus."*

Die meeste boodskappe wat ons vandag hoor leer nie dat ons onsself moet "inspan" om iets te bereik nie. Preke maak net alles makliker om die Here te dien.
Tog het Jesus ook gesê in Matt. 11:12 *"Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat hul kragtig inspan, kry dit in besit."* Kan jy sien, as jy God se koninkryk jou eie wil maak, is daar iets wat jy van jou kant af moet doen? Jy moet jouself "kragtig inspan."
Jy kan dus nie net terug sit met arms oop om te ontvang nie. Regdeur die Bybel word gepraat van dat ons moet "luister en doen" daarom kan ons nie net wil luister nie. Ons is so geneig om net God se woord te hoor en ons hande oop te hou om te ontvang.
Ek het onlangs 'n Engelse boodskap gehoor waar die prediker gepraat het oor geloof en sy gehoor aangemoedig het om "bulldog faith" te hê, menende "vasbyt geloof" en dit is presies wat ons moet hê. Span jou in deur vas te byt aan dit wat jy glo!
Vroeër het ons 'n liedjie gesing met dié woorde: "Bid maar deur tot jy die antwoord kry. God se beloftes staan onfeilbaar vas. Bid maar deur jy sal die antwoord kry."

Moenie passief staan nie – span jou in om elke keer te wen.
Want as jy jou kragtig inspan sal jy verseker in besit neem.
Alles gaan oor die hemelse prys wat ons moet behaal.

## Hoe kan ek oorwin?

**1 Petrus 5:8** *"Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind."*

Baie is onder die indruk dat die duiwel jou adres verloor wanneer jy jou lewe aan Christus gee. O nee, hoe nader jy aan die Here leef, hoe meer sal jy vind dat die duiwel sy pyle op jou sal afskiet. Selfs gemeentes moet ook kennis neem hiervan.
As die duiwel kans gesien het om Jesus te versoek, sal hy kans sien vir enige persoon. Lees weer met aandag van Jesus se versoeking in Lukas 4:1-13.
Die duiwel het nogal met Skrifgedeeltes Jesus versoek. Dit wys ons dat hy ook die Bybel ken. Maar, soos Jesus, moet ons die Skrifte beter ken om dit reg te gebruik teen die aanslae van die siele-vyand. Jesus was versoek toe Hy honger was nadat Hy vir veertig dae sonder kos was. Die duiwel sal jou altyd versoek op die swakste plek in jou lewe.
Ons teks (hierbo) word in Die Boodskap nog duideliker gestel:
*"In die geestelike stryd moet julle op en wakker wees. Julle het 'n gevaarlike vyand, die duiwel. Hy loop rond soos 'n honger leeu wat iemand soek om te verskeur. As hy julle aanval, moet julle met julle geloof in die Here terugveg."*

Dank God, ons het genoeg wapens ontvang om te oorwin. Hierdie wapens, volgens Ef. 6, is nie daar vir 'n versiering nie. Gebruik dit om geestelik te oorwin en om staande te kan bly.

**Wat dit is om te glo?**

**Hebreërs 11:1** Die Lewende Bybel: *"Wat beteken dit om op God te vertrou? Dit beteken om seker te wees dat die dinge waarna ons uitsien, wel sal gebeur. Dit beteken ook om oortuig te wees dat die dinge wat ons nie kan sien nie, wel daar is."*

Past. Reinhardt Bonnke, 'n wêreld evangelis, het gesê dat as jy die Here vertrou vir 'n karavaan kan jy maar begin om die afdak te bou. As jy waarlik glo kan jy optree.
Dr. Paul Yonggi Cho van Korea vertel toe hy so pas as leraar begin het, hoe kinderlik was hy in sy geloof. Hy het geglo vir sy eerste fiets en lessenaar. Nadat hy een oggend in die diens die gemeente vertel het dat hy 'n fiets en 'n lessenaar het, het almal saam met hom gestap na sy woonstel om dit te sien. Toe hul daar opdaag was daar niks wat hul kon sien nie. Saam met die groep was 'n swanger vroutjie. Hy vra haar, daar voor almal, of sy 'n baba het. Natuurlik was haar antwoord "ja" waarop hy dadelik gereageer het deur vir haar te sê dat hy geen baba kan sien nie. Haar antwoord was dat sy die baba hier binne haar gewaar. Dit was net waarvoor hy gewag het! Hy verduidelik vir sy lidmate dat hy ook "swanger" was met die fiets en lessenaar. Hy het 'n vaste vertroue in sy hart gehad vir sy fiets en lessenaar, so sterk dat hy die fiets en lessenaar reeds "gesien" het! (Vandag is daar meer as 800,000 lidmate in Dr. Cho se gemeente – wat in Seoul, Korea is.)
Dié boodskap het sy gemeentelede nooit vergeet nie. En dit is presies hoe geloof werk. Al sien jy nog niks nie kan jy glo dat dit wat jy verwag reeds daar is. Lees Mark. 11:24 in die Nuwe Vertaling om hierdie waarheid beter te verstaan.

Moenie geloof iets moeiliks maak nie – wees kinderlik as jy glo. Hoor wat is geskryf in Rom. 10:11 (Die Boodskap)
*"Niemand wat in God glo, sal ooit met leë hande wegstap nie."*

## God tel mense op

**2 Korinthiërs 7:6** *"Weet julle, ons groot God wat in staat is om mense op te tel wat in die stof lê, het my ook kom optel uit die diep put waarin ek was..."* (Die Boodskap)

Die Nuwe vertaling vertaal ons teks met: *"Maar God wat die neerslagtiges opbeur..."* In 2 Kor. 7 spreek Paulus sy dankbaarheid uit teenoor God wat hom in sy gees opgetel het. Hy skryf in vers 4: *"...ek is vervul met troos; ek loop oor van blydskap..."*
In van die Engelse Bybels word die woord "downcast" gebruik, wat beteken: "those that are low to the ground."
Voel jy moontlik só? Indien jy nie vandag daar is nie, is dit moontlik dat jy daar sal kom. Dit is dan dat jy moet weet God sal daar wees om jou op te tel uit die stof. Moenie een oomblik daarin twyfel nie. Loof Hom want Sy hand is nooit te kort om te help nie! (Jes. 59:1)
Miskien was jy al, soos ek, in so'n toestand in die nag? Wat ek dan doen is om een Skrif na die ander saggies aan te haal en my dan volkome aan God se beskerming oor te gee. In werklikheid kan ons nie onsself beskerm nie. Ek vind dan dat God my in my gees verkwik en sterk maak. Hy wil dit ook vir jou doen sodat jy weer sal oorloop van blydskap en die nuwe dag met nuwe hoop kan voortgaan met jou lewe.

Dit is goed om te weet: God is in staat om alles te kan doen. Hy wil glimlag oor jou en sal dus geen aanval teen jou duld nie. Sag. 2:8 *"...want wie julle aanraak, raak Sy oogappel aan."*

**Span jou kragtig in!**

**Matteus 11:12** *"Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit."*
Die Boodskap: *"Van die dag dat Johannes begin preek het tot nou het die onkeerbare krag van God se nuwe wêreld al keer op keer oor die mense gespoel. Mense wat op en wakker is, gryp elke geleentheid aan om deel te word daarvan."*

Is jy *"op en wakker om elke geleentheid vas te gryp"* om deel te wees van wat God besig is om op aarde te doen? Dit word nie op 'n skinkbord vir jou aangedra nie, maar jy moet uitreik daarna – meer nog, jy moet jou kragtig inspan. Is jy bereid daarvoor?
Praat gerus met 'n langafstand atleet. As hy 'n wenner is, sal hy sy liggaam dryf tot die maksimum. Terwyl hy hardloop sal dit pyn aan sy sy. Sy longe sal ook pyn. Hy sal selfs krampe aan sy bene ervaar. Net as hy voel hy kan nie meer nie, sal hy sy afrigter hoor uitroep dat hy moet meer gee as wat hy het. Die geoefende atleet sal weet hy is naby 'n deurbraak. As hy homself nog 'n bietjie kan druk, sal hy vinniger begin hardloop en die pyne sal verdwyn.
Wanneer jy voel dinge raak nou teveel vir jou, dan moet jy weet jou deurbraak is naby. Hou vas aan die beloftes in Sy woord – span jouself kragtig in om in besit te neem wat God aan jou wil gee.

Jy het goed gedoen tot hiertoe, moenie nou verslap nie.
Sit nog meer in as voorheen en jy sal die oorwinning behaal.
Jou "afrigter" (die Gees) is altyd daar om jou moed in te praat.

## Wees vinnig teen aanvalle

**1 Samuel 17:48** *"Toe die Filistyn (Goliat) regmaak en nader kom om Dawid te ontmoet, het Dawid die Filistyn vinnig op die vegterrein tegemoet gehardloop."*

Israel se soldate het weggehardloop as hulle Goliat sien nader kom. Jy het reg gelees dat Dawid na Goliat toe gehardloop het. Reageer vinnig teen elke aanval wat teen jou kom en elkeen wat vir jou dierbaar is.
Die woord wat in die oorspronklike taal gebruik woord is *"maw-har'"* en beteken om baie vinnig te beweeg. Dit is een ding wat Dawid daardie dag gehelp het om Goliat te oorwin. Hy het nie weggehardloop nie maar Goliat *"tegemoet gehardloop."*
Dit is hoe ons soms moet optree wanneer ons probleme, soos 'n Goliat, ons aanval.
Ek sê somtyds, want daar kan dae wees dat die Here wil hê ons moet net alles eers los soos dit is. Ondervinding het my egter geleer dat as jy haastig beweeg teen aanvalle, dan vang jy die duiwel onkant.
Vir iemand moet ek vandag sê: Hardloop jou "Goliat" tegemoet en sê vir jou probleem: *"Jy wil my en my huis vernietig, maar ek kom na jou in die Naam van die Here, wat my sal help om jou te oorwin. Jy sal nie meer my kan uitdaag nie, omdat jy verslaan sal wees! Ek dank God in Jesus se Naam!"*

As jy uitstel en te lank talm sal jy jou fokus verloor om te wen. Wanneer jy te lank oor jou probleem sou dink word dit te groot om te hanteer.
God se genade sal met jou wees en jou help om te oorwin.

## Dade bevestig jou geloof

**Jakobus 2:20,26** *"Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is? ...Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is die geloof sonder die werke dood."*

*"Jakobus skryf hoe dade jou geloof bevestig wanneer jy dit uitleef met die wysheid wat van God kom. Wysheid beteken die vermoë om te weet hoe God wil hê jy jou lewe moet inrig en hoe jy in elke konkrete situasie moet optree. Die wysheid wat van God kom, bepaal jou houding teenoor besittings, help jou om jou aan God te onderwerp, bepaal jou verhouding met mense, laat jou afhanklik van God leef, help jou om rykdom te hanteer, laat jou volhardend op die Here wag en laat jou swaarkry en siektes anders hanteer as hulle wat nie hierdie wysheid het nie."* (Die 24/7 Bybel)
Jakobus leer baie sterk dat dade geloof bevestig. Geloof het 'n beginpunt en dit moet uitloop in werke. M.a.w. iewers begin jy glo vir iets, maar dit moet oorgaan in 'n daad, anders sal daar niks van kom nie. Dit is waarom ons teks dit duidelik aan ons stel dat as geloof nie in dade omskep word nie, is dit 'n "dooie" geloof.

Wat glo jy moet die Here vir jou doen?
Het dit nog net by glo gebly?
Is jy bereid om dade te voeg by jou geloof?

## Verander hoe jy dink

**Kolossense 3:2** *"Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op aarde is nie."*

Een van die moeilikste dinge vir ons as mens is om te verander oor hoe ons dink. As jy en ek bereid is om te verander hoe ons dink – van negatiewe dinge tot positiewe dinge – sal ons lewe verander na 'n fees.
Elke mens het 'n filosofie. Filosofie bestaan uit twee woorde naamlik: "filo" wat "liefde" beteken en "sofie" wat "denke" beteken. M.a.w. my filosofie is dat ek die dinge bedink wat ek liefhet. Aan watter dinge dink jy graag – moet jou denke verander?
Jy kan jou vriende verander, maar dit sal nie altyd help hoe jy dink nie. Jy kan jou adres verander en tog sal wat jy dink altyd by jou wees. Jy kan jou werk verander, maar wat hier in jou kop aangaan mag alles nog dieselfde bly. Jy kan selfs jou selfoon se nommer verander, dat baie jou nie kan skakel nie, tog sal "oproepe" steeds jou denke bereik.
Ja, jy kan jou kerk verander, omdat jy bv. nie van sommige liede hou nie, en tog sal jou denke dieselfde bly. Wat jy moet doen is om te verander hoe jy dink. (Dit is in jou vermoë.)

Kom op die plek waar die verlore seun was. Die Bybel sê dat hy tot homself gekom het. Hy het sy denke beveel om te verander, opgestaan en terug gegaan na sy vader wat hom met ope arms ontvang het.

Net jy alleen weet wat jy dink – beoordeel jouself.
Indien jy nie daarvan hou nie, verander wat jy dink.
Vul jou gedagtes met die mooi dinge van die lewe.

## Geloof kom deur die Woord

**Romeine 10:17** *"Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God."*

Geloof kan in vervulling bring dié dinge wat nog nooit bestaan het nie. Daarom glo ek dat ons die dinge wat nie bestaan nie kan roep asof hulle bestaan. (Rom. 4:17.)
Geloof is 'n lewende krag en energie wat in jou werk sodat wanneer jy 'n woord van geloof spreek sal dinge gebeur.
Geloof is iets wat in jou oë gesien kan word, soos wat ons lees in Hand. 14:9 toe 'n lam man genees is: *"...en Paulus het die oë op hom gehou, en, toe hy sien dat hy geloof het om gesond te word, met 'n groot stem gesê: Staan regop op jou voete! En hy het opgespring en begin hardloop."* Paulus het geloof in hierdie man se oë gesien. Net so kan ongeloof in iemand se oë gesien word.
Geloof is iets wat uit jou mond moet kom. In Rom. 10:8 lees ons: *"...Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van geloof..."*
Daar is hulle wat dink hulle kan enige iets sê en dit sal hulle nie affekteer nie, maar dit is nie die waarheid nie. Wat in jou hart is sal by jou mond uitkom. En jy alleen het die mag om te verander wat uit jou mond kom met die Woord van die Here. Neem kennis: Die Bybel (God se Woord) sal verseker verander wat jy dink, wat jy sê en wat jy doen.

Ek beveel aan dat jy die Bybel hardop sal lees.
Dit is dan dat jy God se Woord sal sien en hoor.
Sien met 'n geloofs-oog en praat met geloof in jou mond.

## Besittings

**Lukas 12:15** *"En Hy sê vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie."*

God is nie teen jou as jy dinge besit nie. Die probleem is egter wanneer die besittings jou besit. Daar is geen sonde in geld nie, maar as geld jou besit is dit sonde.
Ek hoor ook mense praat van "duiwelse geld." Die sonde is nie in geld nie maar wel in die liefde vir geld.
Ons lees in 1 Tim. 6:10 *"Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels..."* Die Boodskap vertaal dit: *"Om agter geld aan te hardloop laat jou in die kloue van allerhande slegte dinge inhardloop."*
Jy moet alleenlik toelaat dat net God jou besit – Hy het baie duur vir jou betaal deur die kruisdood van Jesus Christus. Ons lees in 1 Kor. 6:20 *"Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort."*
Terug na ons teks. Wat beteken "hebsug"? Hebsug is gierigheid en inhaligheid. Bepaal self of jy hierdie probleem het.
Indien die Here jou seën in enige besittings moet jy die volgende Skrifgedeelte nooit vergeet nie, naamlik Deut. 8:18: *"Onthou altyd dat dit die Here julle God is wat julle in staat stel om ryk te word..."* (Die Lewende Bybel)

Mag jy tydelike dinge begeer? Natuurlik mag jy dit doen.
Sou jy dinge besit moet jy sorg dat dit jou nie besit nie.
Jy en alles wat jy het behoort tog aan die Here.

**"Dag na dag dra Hy ons."**

**Psalm 68:20** *"Geloofd sy die Here! Dag na dag dra Hy ons; God is ons heil! Sela." ("Sela" meen, dink na oor dié woorde)*
The Amplified Bible: *"Blessed be the Lord. Who bears our burdens and carries us day by day, even the God Who is our salvation! Selah. (pause, and calmly think of that!)*

Het jy mooi gehoor? God dra ons dag vir dag! Nie net nou-en-dan nie, maar elke dag. En dit is nie alle mense wat iemand kan optel en dra nie. Indien jy iemand wil dra moet jy sterk genoeg wees om dit te doen. God is sterk genoeg om ons elke dag te dra.
Dawid het hierdie Psalm as 'n lied geskryf. Dat God hom elke dag gedra het was dus iets wat hy kon sing. Omdat God ons daagliks dra, moet daar elke dag 'n lied wees in ons harte. Dan sal daar geen plek vir kla en negatiewe woorde wees nie, maar net lof aan God.
My boodskap aan jou is: Dag na dag sal die Here jou dra. In enige siekte toestand van jou of 'n geliefde. Deur jou finansiële druk wat jy ondervind. Deur jou studies. (Lees gerus Jak. 1:5) Ja, deur 'n egskeiding wat jy gaan. God sal jou, wat 'n dierbare deur die dood moes afstaan, dag vir dag dra. Selfs wanneer die nagte so lank en eensaam is.
God sal jou dag vir dag dra, en Hy beloof dat Hy sal voorsien in al jou behoeftes na die rykdom van Sy genade. (Fil. 4:19)

Raak opnuut bewus daarvan dat God jou dag vir dag dra.
Deel hierdie groot waarheid met jou familie en jou vriende.
Sodoende gee jy ander ook moed om te bly glo en te vertrou.

**Bekommernis**

**Spreuke 12:25** *"Bekommernis druk 'n mens neer; 'n vriendelike woord vrolik hom op."*

Die Lewende Bybel: *"Bekommernis maak 'n mens neerslagtig, maar 'n vriendelike woord kan weer blydskap bring."*

Collins Dictionary says: *"If you worry, you keep thinking about problems that you have or about unpleasant things that might happen."*

Wat my baie gehelp het deur die jare was dat ek geweet het die meeste dinge wat ons vrees sal nooit gebeur nie. Dink na oor hierdie stelling wat ek so pas gemaak het.

In Jesus se Bergpredikasie het Hy die volgende gesê oor bekommenis: *"Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie?...Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie."* (Matt. 6:25,34)

Om te bekommer verhinder ons om te glo. Bekommernis is geloof in tru-rat, i.p.v. dat jy vorentoe beweeg, beweeg jy terug.

In ons teks word ons gewaarsku dat bekommernis 'n mens neerslagtig maak. Daarteenoor sal 'n woord van bemoediging vreugde en blydskap bring.

Jy sien, daar is baie krag en genesing in ons woorde.
Besluit dus om 'n vriendelike woord aan iemand te gee.
Om jou is daar talle wat bekommerd is en moed nodig het.

# God wil jou mond gebruik

**Jeremia 15:19** *"Die Here sê toe: As jy na My toe terug kom, sal ek jou weer aanneem en Ek sal jou gebruik as my dienskneg. As jy ophou om onverantwoordelike dinge te praat en liewer dinge sê wat waarde het, sal Ek deur jou praat asof jy My eie mond is."* (Die Lewende Bybel)

Het jy geweet die Here het jou mond nodig om hier op aarde namens Hom te praat? Wees dus versigtig wat uit jou mond kom.
As Sy kinders moet ons ophou om niks-seggende dinge te sê en poog om dinge te sê wat waarde het. Dit is iets waaraan ons gedurig moet werk. Dan sal ons agter kom dat die Here ons mond kan gebruik om deur ons te spreek.
Let op jou woorde, en soos ons teks dit stel: *"As jy ophou om onverantwoordelike dinge te praat en liewer dinge sê wat waarde het..."* Dit is dan dat die Here ons mond sal gebruik om tot ander geseënde woorde te praat.
Geen wonder die Bybel sê in: Spr. 13:3 *"Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe..."* Spr. 15:1 *"'n Sagte antwoord laat woede bedaar; 'n krenkende woord laat woede opvlam."*
Spr. 16:24 *"Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek: soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente."* Dit is só – deur jou woorde kan daar genesing kom.
Dan is daar die bekende Spr. 18:21 *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet."* Wees bewus van dié teks.

Wy gereeld jou lippe en jou mond aan die Here toe.
Begin vandag in jou huis om God se mond te wees.
Spreek seën en voorspoed uit teenoor soveel as wat jy kan.

# Om vry te spreek

**Lukas 6:37** *"En julle moet nie oordeel nie, dan sal julle nooit geoordeel word nie. Julle moet nie veroordeel nie, dan sal julle nooit veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word."*

Ek het al baie gewonder hoekom moet die boodskap van vergifnis oor-en-oor gebring word? Deur die tyd heen het ons gesien hoe mense ander vryspreek, maar dan nie lank daarna nie, moet hulle dit weer doen. Hier is goeie raad: Wanneer jy iemand vergewe, spreek dadelik seën uit teenoor hulle wat jou teleurgestel het. Die oomblik wanneer jy iemand vryspreek, dan word jyself vrygespreek.
Ek herhaal wat iemand oor vergifnis gesê het: *"Om nie te vergewe nie is net so goed as om gif te drink en te hoop dat hulle wat jou kwaad aangedoen het, sal sterf."*
Om vry te spreek is nie 'n maklike ding om te doen nie. Veral as die persoon wat jy moes vryspreek dit net eenvoudig nie verdien het nie. Maar die vraag is: Maar wie van ons verdien vryspraak nou eintlik? Ek het altyd vrygespreek nie soseer om die ander persoon vry te kry nie, maar ekself wou vry wees, want 'n vry-mens is mos 'n bly-mens.

Moenie te vinnig glo dat jy niemand het om vry te spreek nie. Ondersoek jouself en maak seker jou hart is reg teenoor almal. Neem dan 'n besluit om vry te spreek, sodat jy vry kan kom.

# Emosionele druk

**2 Korinthiërs 4:8** Die Lewende Bybel: *"Van alle kante af sak moeilikheid op my toe, maar hulle druk my nie plat nie. Ek verstaan nie altyd waarom dinge gebeur nie, maar dit maak my nie moedeloos nie."*

Emosionele druk is iets wat oor alle mense kom. Emosionele druk is iets waarvoor jy nie aansoek doen nie. Dit is iets wat jy nie soek nie. Dit is iets wat oor jou kom want daar is 'n dief wat gekom het om te steel, slag en verwoes. (Joh. 10:10)
Selfs Paulus het dit ondervind, maar in ons teks kon hy sê dat moeilikheid het hom nie plat gedruk nie.
Baie keer besef ons nie hoeveel druk daar op mense is nie, want die meeste hou 'n glimlag tussen jou en hulle, sodat jy nie regtig kan agterkom hoe hul voel nie.

In die Bybel vind ons iemand wat onder bo-menslike druk verkeer het, maar gelukkig deur Jesus bevry is. Hierdie persoon was die besetene van Gadara (Markus 5) wat in grafte gebly het. Niemand was in staat om hom te tem nie. Hy het dag en nag geskreeu en homself met klippe stukkend geslaan.
Dit wys dat die besetene van Gadara geweldige emosionele druk ondervind het. Nadat Jesus hom bevry het van demone het dié in 2000 varke gevaar – wat die druk nie kon verwerk nie en hulself verdrink het.
As Jesus hierdie man kon bevry het (en sy probleem was groot) dan is Jesus in staat om jou te help in die emosionele druk wat jy tans ondervind! Glo dit met jou hele hart!

Luister vandag mooi na Jesus se uitnodiging in Matt. 11:28.
*"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."*
Jy kan jou laste self nie dra nie – gee dit oor aan Hom!

## Vriendskap met God

**Job 22:21** *"Sluit tog vriendskap met Hom, sodat jy vrede kan hê; daardeur sal goeie dinge oor jou kom."*

My beste besluit ooit was om, as 16 jarige, my lewe aan Jesus Christus te kon gee. Om my aan Hom te verbind het vrede in my lewe gebring en het goeie dinge oor my laat kom.
Dank die Here opnuut dat Hy jou beste vriend geword het. Normaalweg verlang ons as mens na vriendskap. Tog is daar so baie mense wat nie vriende het nie. Selfs oue-tehuise is vol eensame bejaardes. Niemand kom kuier vir hulle nie en daar is ook niemand wat vir hulle, op hul verjaarsdag, 'n geskenkie bring nie.
Daar is 'n treffende Skrif in Joh. 15:13-15: *"Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee. Julle is My vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel. Ek noem julle nie meer diensknegte nie...Maar Ek het julle vriende genoem..."*
Sorg altyd dat jou keuse van vriendskap korrek is, want ons lees in Jak. 4:4: *"Weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God."*
Vriendskap met die Here maak jou altyd vas aan waarheid en opregtheid. Hierdie beginsel geld ook tussen ons en enige persoon. As jy dus in enige vriendskap sou agterkom hierdie deugde ontbreek – maak jou los daarvan.

Gee iemand hierdie goeie raad om vriendskap met God te sluit. Daar is mense wat wag dat jy dié boodskap met hulle sal deel. Sorg self dat jou verhouding met die Here sal verbeter.

# Hope tiendes

**2 Kronieke 31:6** *"En die kinders van Israel en Juda wat in die stede van Juda woonagtig was, hulle het ook die tiendes ingebring van beeste en kleinvee en die* ***tiendes*** *van die heilige gawes wat aan die Here hulle God geheilig was, en dit op* ***hope*** *neergelê."*

Koning Hiskia het 'n voorbeeld gestel en 'n duisend bulle asook seweduisend stuks kleinvee gebring vir die brandoffers. Ons lees daarvan in 2 Kron. 30:23,24. Daarna het hy bevel gegee dat Israel hul tiendes sou bring, sodat die priesters en Leviete hul aandag en krag sou gee aan God se Woord. (2 Kron. 31:4)
En toe gebeur die wonder van die hope tiendes!
Vir Israel was dit nie soseer geld nie, maar beeste, kleinvee en materiële dinge wat hul kon bring.
Dink mooi aan die woorde " hope tiendes"! Israel en Juda het dus agterstallige tiendes gebring, en dit was só baie dat dit hope was! As dit vandag in die kerk gebeur sal daar voorwaar herlewing plaasvind.
Daar was groot blydskap oor die hope tindes. Ons lees in vers agt: *"Toe Jehiskia en die owerstes kom en die hope sien, het hulle die Here en sy volk Israel geseën."*
Maar dit is nie al nie. Daar was so baie tiendes gebring dat die hoëpriester Asarja uitgeroep het in 2 Kron. 31:10 *"Vandat hulle die offergawe na die huis van die Here begin bring het, eet ons tot versadiging en hou nog oorvloedig oor; want die Here het sy volk geseën, sodat ons hierdie menigte oorgehou het."*

Bid dat die Here jou gemeente sal seën met finansies.
Bid dat jou besigheid voorspoedig sal wees – tot Sy eer.
Bid dat jy genoeg sal hê om weg te kan gee. (Lees 2 Kor. 9:8)

**Staan vas en hou moed!**

**Kolossense 1:9-11** *"...Ek vra dat God vir jou al die kennis sal gee wat jy nodig het om reg te leef. Mag die Heilige Gees jou duidelik wys hoe jy moet leef. Dan behoort jy mos nie te twyfel oor wat presies God van jou wil hê nie. En as jy weet wat om te doen en dit doen, sal die Here trots wees op jou en tevrede voel oor hoe jy leef. Mag alles wat jy doen vir jou goeie vrugte dra en jou meer van God se plan vir jou lewe laat verstaan. God is die Een wat oor Goddelike mag beskik. Mag Sy krag jou krag word sodat jy glad nie ongeduldig word en begin moed verloor nie. Nee, staan vas en hou moed!"* (Die Boodskap)

Ek het die teks verander na die eerste persoon, omdat ek dit persoonlik vir jou wou bid!
Jy moet, wat ookal jou omstandighede is, vas staan en moed hou. Soos ons teks dit stel sal die Heilige Gees jou duidelik wys hoe jy moet leef. Jesus het gesê in Joh. 16:13 *"Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid sal Hy julle in die hele waarheid lei..."*
As jy toelaat dat die Heilige Gees jou lei sal jy nooit twyfel oor presies wat God van jou verlang om te doen nie. As jy weet wat om te doen, en jy doen dit, sal die Here trots wees op jou en tevrede wees hoe jy leef.
Jy sien, God het 'n duidelike plan met jou lewe. Jer. 29:11 stel dit soos volg: *"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here (let op wie dit sê) voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"*

Mag Sy krag jou krag word – moenie dinge in eie krag te doen.
Anders gaan jy ongeduldig word en begin moed verloor.
Die laaste sin in ons teks is duidelik: *"Staan vas en hou moed!"*

**Wanneer "donker dae" jou tref**

**Handelinge 16:25,26** *"En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenis het na hulle geluister. En skielik kom daar 'n groot aardbewing, sodat die fondamente van die gevangenis geskud het. En onmiddelik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak."*

Paulus en Silas het in Filippi 'n bidplek van vroue besoek. Daar het hulle Lidia, die purperverkoopster, ontmoet wat 'n oop hart gehad het vir die woord van die Here.
Dit is toe dat 'n slavin opgedaag het wat 'n waarsêende gees gehad het. Hierdie vrou was in diens van mense wat deur haar baie geld gemaak het. Sy het 'n hele paar dae agter Paulus en Silas geloop en skreeu dat hulle dienaars van God was. Tog het Paulus 'n bose gees in haar gewaar en dié uitgedryf in die Naam van Jesus Christus.
Haar eienaars was woedend, en het Paulus en Silas voor hul regters gebring wat hul lyfstraf toegedien het en hulle in die diepste deel van die gevangenis gesit het, met hul voete vasgemaak in 'n blok.
Praat nou van 'n "donker tyd" waarin hierdie twee manne was? Wat het hulle toe gedoen? Hand. 16:25,26 gee die antwoord:
*"En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenis het na hulle geluister. En skielik kom daar 'n groot aardbewing, sodat die fondamente van die gevangenis geskud het. En onmiddelik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak."*
As ons soos hierdie twee manne kan optree, sal ons persoonlik bevryding ervaar en ook bring vir ander om ons – maar dan moet ons leer om lof aan God te bring, selfs in "donker dae"!

Jou oorwinning lê daarin dat jou gesindheid opreg sal wees.
Te midde van alles bring lof aan God. (1 Thes. 5:18)
Dit gebeur net as jy binne jou positief kan dink en voel.

## God het ons gereinig

**1 Johannes 1:9** *"As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid (die verkeerde dinge wat ons gedoen het) te reinig."*

Ons word gereinig van ons sondes wanneer ons dit bely, en om te bely meen om vir God te sê dat ons jammer is.
Dan vergewe Hy ons, maar meer wonderlik, Hy vergewe nie net nie, maar reinig ons van al ons sondes wat ons bely het.
Vandag het die woord "reinig" my sterk aangespreek, want die woord "reinig" beteken in die oorspronklike taal, om sonder enige vlek (of vuil kol) te wees.
In Ef. 5:27 sê Paulus dat Christus ons eendag aan Sy Vader wil voorstel *"sonder vlek of rimpel."* M.a.w iemand wat sonder enige vuil kol is of geestelik verouderd geraak het. Christus soek skoon en vurige gelowiges!
Wanneer God ons vergewe het dan maak Hy ons 'n nuwe mens soos wat geskrywe staan in 2 Kor. 5:17. Meer nog, Hy kyk na ons asof ons nooit sonde gedoen het nie.
Ons lees in 2 Kor. 5:21 *"As ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem, net so goed of ons self nooit sonde gedoen het nie."* (Die Lewende Bybel)
Dit meen nie ons kan nie meer sonde doen nie, maar beteken dat as God na ons kyk sien Hy nie meer die sondes wat reeds vergewe is nie.

Ons moet dus ophou om onsself te bly beskuldig.
Want in Hom is daar geen veroordeling nie. (Rom. 8:1)
Kyk na jou posisie in Christus en dank Hom vir Sy reiniging.

## Wees aan niemand iets skuldig nie

**Romeine 13:8** *"Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê..."*

Lewende Bybel: *"Moet nooit by iemand in die skuld wees nie – betaal alles. Die enigste skuld wat ons nooit afbetaal kry nie is die liefde wat ons aan mekaar verskuldig is."*

Die Woordeboek beskryf skuld as: *"Geld wat jy verplig is om aan 'n ander te betaal."* Neem kennis van Spr. 22:7 *"'n Ryk man het mag oor arm mense, en as 'n mens geld leen, word jy die slaaf van die een by wie jy geleen het." (Lewende Bybel)*

<u>Praktiese stappe hoe om skuldvry te word:</u>

1. Stel 'n geskrewe begroting op. Maak 'n lys van al jou bates en al jou laste. Jou inkomste en uitgawe.
2. Bid dan ernstig tot die Here om jou te help rakende enige skuld wat jy mag hê. Terwyl jy bid glo Fil. 4:19.
   Omdat die Bybel ons leer om "te waak en te bid" moet jy, nadat jy gebid het ook jou deel bydra, soos die volgende:
3. Bepaal hoe jy jou skuld gaan afbetaal, deur jou "kleiner skuld" eers te betaal.
4. Indien moontlik, oorweeg om ekstra inkomste te verdien.
5. Beperk die gebruik van kredietkaarte.
6. Leer om vergenoeg te wees. Fil. 4:11 *"...ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is."*
7. Doen jou bes om 'n sekere bedrag per maand te spaar deur dit op belegging te plaas. Jy sal jaarliks verbaas wees om te sien hoe sal hierdie belegging wat jy gemaak het help om selfs rekeninge te vereffen.
8. Wat vir ons die beste gewerk het was om te "saai" (te gee) in God se koninkryk. Ek gee myself uit my skuld uit. Maak 2 Kor. 9:6-8 'n lewenswyse.

2 Kor. 9:8 in Die Lewende Bybel:

*"God kan julle so oorlaai met Sy goedheid dat julle altyd sal hê wat julle nodig het – en nog baie meer as wat julle nodig het, sodat julle vir ander ook baie kan gee."*

## Hoe sien jy jouself?

**Numeri 13:33** *"Ons het daar ook die reuse gesien...en ons was soos sprinkane in ons oë; so was ons ook in hulle oë."*

Hoe sien jy jouself? Sien jy jouself as 'n magtige vegter in God se koninkryk, of sien jy jouself as 'n swakkeling wat die duiwel maklik kan verslaan? Net jy kan hierdie vraag antwoord.
In ons Skrifgedeelte het die meeste van Israel besluit hulle sien hulself as sprinkane, en is nie sterk genoeg om hul vyand te oorwin nie.
Die woorde in ons teks is so treffend: *"...en ons was soos sprinkane in ons oë; so was ons ook in hulle oë."* Dit is sleg as jy jouself sien as 'n sprinkaan, maar dit is nog erger as jy dink jou vyand sien jou ook so. Onthou, soos 'n mens dink so is hy!
Die rede dat Israel so verskrik was om te veg teen die reuse was nie omdat hulle so groot was nie, maar omdat hulle hulself as treurig en nikswerd gesien het.
Dit is wat jy in jouself sien wat jou sal laat wen of verloor. As jy jouself sien as 'n swak en kragtelose Christen, sal die duiwel oor jou hardloop. Indien jy jouself sien as een wat meer as oorwinnaar is, sal jy oorwin.
Sorg dat jy vol is van God se woord en van Sy Gees, dan sal jy met vrymoedigheid elke aanslag van die duiwel kan teëstaan.
Die Bybel sê duidelik: *"...weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug."* (Jak. 4:7) En hy sal wat? Hy sal van jou af wegvlug.

Spieël jouself altyd in God se woord. Wat sê die Bybel van jou?
Die Bybel sê jy is 'n duurgekoopte kind van God. (1 Kor. 6:20)
Hy wat in jou is, is groter as hy wat in die wêreld is.
(1 Joh. 4:4)

# Geloof kom deur die Woord

**Romeine 10:17** *"Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God."*

Al kan jy nie geestelik mooi sien nie, moet jy net seker maak dat jy geestelik kan hoor. Geloof kom in elk geval nie in wat ons sien nie, maar geloof kom deur wat ons hoor.
As God se woord in ons mond en in ons hart sal wees, sal dit geloof in ons lewens wakker maak.
Wat meen die woorde "in ons mond en in ons hart"? Dit meen as jy God se woord praat en God se woord met jou hart ontvang, sal jy kan glo. Niks anders sal geloof meer aanwakker as God se woord nie.
Geloof se definisie vind ek in Heb. 11:1 *"Wat beteken dit om op God te vertrou? Dit beteken om seker te wees dat die dinge waarna ons uitsien, wel sal gebeur. Dit beteken ook om oortuig te wees dat die dinge wat ons nie kan sien nie, wel daar is."*
Ek het "Die Lewende Bybel" se vertaling gebruik omdat dit so duidelik en prakties is.
Jy het nie dit wat jy verloor het nodig om groot oorwinnings in jou lewe te bereik nie. Want moontlik moes jy sekere dinge verloor het, sodat God vir jou iets nuuts kon doen?
Jou oorwinning sal kom as jy meer-en-meer sal toelaat dat God se Woord jou lewe vul en 'n lamp sal wees wat voor jou skyn, om jou pad aan te dui. (Psalm 119:105)

Jy sal nie veel ontvang as jy deur die Bybel jaag nie.
Neem tyd om in te neem wat jy in jou Bybel lees.
God se woord wat jy lees of hoor, sal geloof opwek in jou.

**Dit is God wat in jou werk**

**Filippense 2:12,13** *"Werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae."*

Die Lewende Bybel stel dit soos volg: *"Julle moet julle met al julle krag daarop toelê om die redding wat God julle gegee het in julle lewe uit te werk. Want dit is God wat in julle werk – Hy gee julle die begeerte om te doen wat Hy graag wil hê en dan gee Hy julle ook nog die krag om dit te doen."*

Is dit nie wonderlike nuus nie? God gee die begeerte in ons hart om Sy wil te doen en dan gee Hy ons nogal die krag om dit te kan doen. In Engelse sal ek sê "amazing"!
Natuurlik het ons ook 'n menslike deel om te doen. Luister na daardie sagte stem in jou wat jou aanspoor om op God se pad te bly. Moenie bekommerd wees dat jy nie die krag en vermoë sal hê om jou geestelike doel te bereik nie. As jy gewillig sal wees om na Sy Gees te luister en te doen wat Hy verlang, sal jy die wenstreep behaal.
Jy het miskien al getwyfel en gewonder of jy jou geestelike resies sal kan voltooi? Weet dit dat deur Sy krag wat in jou werk sal enige swakheid oorwin word en sal jy dit meer as 'n oorwinnaar maak! Gryp hierdie met albei jou arms vas.
Die Here sal jou nie los nie en niemand sal jou uit Sy hand kan ruk nie. (Joh. 10:28) Hy het beloof om jou krag te gee sodat jy kan doen wat Hy wil hê jy moet doen.

Wanneer daar aanvalle teen jou kom, hou vas aan Sy beloftes.
God het jou nie opgewen soos 'n horlosie en wag jy moet afwen nie.
Hy is met jou en sal jou krag gee om jou wedloop te volbring.

## Verwaarloos nie jou gawe nie

**1 Timótheüs 4:14** *"Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie..."*

Die Boodskap: *"Moenie ophou of vergeet om die gawe te gebruik wat God jou so onverdiend gegee het nie..."*

Elkeen van ons het tenminste een gawe van die Here ontvang. Jy mag praat van 'n talent wat jy ontvang het? Moet net nie verwaarloos wat jy ontvang het nie.
Indien 'n mens iets wat jy het sou verwaarloos meen dit om nie gebruik te maak daarvan nie. Om iets te verwaarloos beteken ook om nie behoorlik daarna om te sien nie. Dit beteken ook om dit te veronagsaam, of om te versuim om dit te gebruik.
Gebruik wat jy van die Here ontvang het. Jy het ontvang omdat jy goed genoeg is om daarmee goed te kan doen en om ander tot seën te wees. (1 Pet. 4:10)
As ons 'n studie sou maak van 1 Kor. 12, sal ons sien dat God elkeen van ons 'n funksie gegee het om te vervul. (vers 18)
Hierdie funksie is ons gawe en Die Boodskap stel dit so treffend in ons teks: *"Moenie ophou of vergeet om die gawe te gebruik wat God jou so onverdiend gegee het nie..."*
Dan voeg verse 15,16 die volgende woorde by: *"Probeer jou bes en doen jou deel so goed jy kan sodat almal kan sien hoe jy as Christen ryper word...Moenie 'n duim van hierdie pad afwyk nie. As jy op hierdie pad bly, sal nie net jy by God uitkom nie, maar ook almal wat luister na wat jy vir hulle sê."*

Stel jouself, asook jou gawe, tot beskikking van die Here.
God wil jou gebruik met wat jy uit genade ontvang het.
Jy is uniek daarom het jy iets spesiaal om met ander te deel.

## Halleluja!

**Psalm 150** *"Halleluja! Loof God in Sy heiligdom, loof Hom in Sy sterk uitspansel! Loof Hom oor Sy magtige dade; loof Hom na die volheid van Sy grootheid! Loof Hom met basuingeklank, loof Hom met harp en siter; loof Hom met tamboeryn en koordans, loof Hom met snarespel en fluit; loof Hom met helder simbale! Laat alles wat asem het, die Here loof! Halleluja!"*

Dié Psalm begin en eindig met "Halleluja" en dit is 'n woord wat die meeste nasies ken. Indien jy ooit verlore sou raak in 'n land, met 'n taal wat jy nie ken nie, kan jy maar op hul markplein gaan staan en net uitroep "Halleluja" en gou sal jy meer "Halleluja's" hoor. Só sal jy kontak maak met ander gelowiges, wat jou tot hulp sal kom. (Natuurlik doen jy nie so iets in 'n land waar jou lewe in gevaar sou wees nie)
In hierdie Psalm word ons geleer **waar** ons God moet loof. Sy sterk uitspansel verwys na enige plek op aarde. Jy is dus nie beperk waar jy lof aan God moet gee nie.
**Waarom** moet ons God loof? In ons Skrif staan geskrywe dat ons loof God *"oor Sy magtige dade"* Dink weer opnuut aan al die baie wonders wat die Here al vir jou gedoen het. Loof Hom daarvoor.
Vra jy my **waarmee** kan ons die Here loof? Dan antwoord ek: Met alles waarvan ons lees in verse 3 tot 5, en nog veel meer.

Vir my is die laaste vers só uitstaande, naamlik *"Laat alles wat asem het die Here loof!"* Jy het mos asem, daarom behoort niks jou te keer om lof en dank aan God te gee nie.
Niks wat ek geestelik doen, is belangriker as dat ek God moet loof en aanbid nie.

God soek mense wat Hom in gees en in waarheid sal aanbid!
*"Lofprysing is om die voortreflikhede van God uit te spreek. Om die hoedanighede van God op te hemel en te prys!"*

## Bid dadelik

**Matthéüs 7:11** *"As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes (geskenke) aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!"*

Dit is 'n wonderlike voorreg om tot God te kan bid. Om met Hom, wat nie vêr buite ons bereik is nie, te kan praat. Hy is ons Vader en wil ons gebed beantwoord. Hy wil graag goeie dinge aan ons gee, maar dan moet ons tot Hom bid.
Vandag wil ek fokus op dié gedagte dat ons nie moet uitstel nie maar dadelik moet bid. Ons belowe mense dat ons vir hulle sal bid en dan doen ons dit nie. Moenie sê jy sal aan hulle "dink" nie, maar voeg die daad by die woord en bid dadelik vir hulle. Ek moedig jou aan om waar jy iemand in nood raakloop, net daar vir hom/haar te bid. Jy hoef dit nie hardop te doen nie. Dit is altyd vir my 'n voorreg om vir baie oor die telefoon en op straat of selfs in die "Shopping Mall" te kan bid. Almal weet al dat ons "Shopping Mall" op Saterdae my "kerk" is, waar ek met baie mense gesels en bid waar daar 'n behoefte is. Jy kan dit ook doen. Neem die persoon eenkant en bid vir hom of haar. Jy hoef nie eers jou oë toe te maak nie!
Dit was goed toe ek nou die dag, in ons dorp, gehoor het van iemand wat in 'n winkel werk voor almal vir 'n siek "Surfer" gebid het. Hy het dit op so'n mooi manier gedoen dat dit almal in die winkel aangespreek het. Dit gaan nie oor 'n vertoon nie. Dit gaan oor die nood wat daar vandag by mense is. Waag dit – maar wees opreg in jou hart.

'n Goeie bewys van omgee is om saam met iemand te bid.
*"Mense gee nie om hoeveel jy weet nie, totdat hulle weet hoeveel jy omgee. Omdat jy vir ander omgee, sal jy ander mense oortuig om ook om te gee."*

## Dank God vir die Lam

**Johannes 1:29** *"Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!"*

Dank God vir die prediking van die Lam van God. Dit is dié tipe prediking wat eendag 'n skare in die hemel sal kry soos wat ons lees in Open. 7:9 *"Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande..."* Jy en ek moet seker maak ons is deel van dié skare.
Elkeen wat God se uitnodiging aanvaar het na die "Bruilof van die Lam" sal deel wees van die bloedgewaste skare. Ons lees van hierdie uitnodiging in Open. 19:9 *"Toe sê hy vir my: Skryf – salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam."*
Die boodskap van die Lam is 'n boodskap van vergifnis. Nie net dat sonde vergewe word nie, maar "weggeneem" word.
God verwyder die sondes sovêr van ons dat ons dit nooit weer sal raakloop nie. Natuurlik indien ons vergifnis ontvang het.
Die boodskap van die Lam is ook dat ons sal oorwin teen elke aanslag van die duiwel soos wat ons lees in Open. 12:11 *"En hulle (vul jou naam hierin) het hom (die duiwel) oorwin deur die bloed van die Lam..."* Neem dus jou stand teen elke bose aanslag, omdat jy meer as 'n oorwinnaar is.

Jesus is verseker ook die Leeu uit die stam van Juda.
Maar Hy het ook God se Lam geword by Gólgota.
Hoe kan ons Hom ooit genoeg dank vir Sy volmaakte prys?